# HOOFSTUK IV.

## DIE PLEK VAN DIE KERKVERBAND IN DIE PRESBITERIALE KERKREGERINGSTELSEL.

Die uitgangspunt in die presbiteriale kerkregeringstelsel is die plaaslike kerk. In die plaaslike kerk berus die regering by die kerkraad.

Dit mag egter nie uit die oog verloor word dat daar 'n veelheid van plaaslike kerke is nie. Elkeen van die plaaslike kerke is 'n openbaring van die liggaam van Christus. Elkeen is onderworpe aan dieselfde Hoof, Christus. Hulle staan dus nie los van mekaar nie. „Zoo vormen metterdaad alle plaatselijke kerken over het rond der aard een innerlijke geestelijke eenheid."[1)]

Tereg sê H. Bouwman: „Elke plaatselijke kerk is wel een zelfstandige, complete kerk, maar is uit kracht van hare geboorte uit Christus niet de kerk, maar slechts een openbaring van Christus' kerk op een enkele plaats. Zij is daarom geestelijk gedacht één met de gansche kerk over de geheele aarde....."[2)] Vanweë hierdie geestelike eenheid, wat in die Heilige Skrif geopenbaar is,[3)] is dit noodwendig dat daar 'n onderlinge verband tussen die verskillende plaaslike kerke moet wees.[4)]

---

1). Dr. S. Greydanus: Schriftbeginselen van Kerkrecht inzake meerdere vergaderingen. p.10.

2). H. Bouwman: Gereformeerd Kerkrecht II. p.5.

3). Vgl. S. Greydanus: a.w. p.10.

4). Vgl. A. Kuyper: Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid III. p.228. „Gemeenschap van geloof en de wetenschap dat elke plaatselijke kerk de openbaring van het èène soma toū chroū was, drong tot aaneensluiting." Vgl. ook: Dr. F.L. Bos: De orde der Kerk. S. Gravenhage 1950. p.106. „Het kerkverband..... is een roeping van de gemeenschap der heiligen."

162/....

En hierdie onderlinge verband het ook weer 'n beteke-nis vir die kerkregering.

Die betekenis van die kerkverband vir die kerkregering en die plek wat dit in die kerkregering inneem, word bepaal deur die aard van die verband tussen die plaaslike kerke.

(1) Die kerk net 'n geestelike eenheid:

Die geestelike eenheid van die kerk as liggaam van Christus bring Sohm daartoe om die Ekklesia te kwalifiseer as die Nieu-Testamentiese volk van God, wat die ganse Christenheid omvat. Die uitdrukking: ton Israel toū Theoū, in Galate 6:16, slaan op die hele Christenheid „Es liegt in dem Ausdruck die Vorstellung einer Volksversammlung (nicht einer Vereinsversammlung) des neuentestamentlichen Bundesvolkes (der Christenheit), und zwar die Vorstellung einer Volksversammlung vor und mit Gott."[5] Die kerk is alleen denkbaar as die vergadering van die hele Christenheid.[6]

As gelet word op die gebruik van die woord Ekklesia in die Nuwe Testament, waar christene wat in dorpe en stede vergader, sowel as die christene van 'n bepaalde streek en selfs die wat in sekere huise byeen kom, kerk genoem word, is dit duidelik dat die woord kerk nie 'n empiriese grootheid, nie 'n sosiale begrip is nie, „sondern lediglich ein dogmatisches Werturteil ausdrückt."[7]

---

5). R. Sohm: Kirchenrecht I. p.18.

6). Vgl. ibid. p.18.

7). ibid. p.19.

Hierdie een kerk het so net talryke verskyningsvorme. Dit is 'n geestelike grootheid en kan geen organisasie hê nie. Die plaaslike vergadering van gelowiges kan nie vir die organisasie van die kerk in aanmerking kom nie . Alleen die kerk as ekumeniese grootheid is aangewys op organisasie. „Was an Verfassung hervortritt, muss das Streben in sich tragen, Kirchenverfassung, Verfassung der Gesamtgemeinde, der Ekklesia, darzustellen. Aber die Ekklesia ist der rechtlichen Organisation unfähig."[8] Die eenheid van die kerk van Christus lê dus in die onsigbare; die band tussen die plaaslike openbaringe van die kerk is net 'n geestelike band. Eintlik kan die eenheid alleen sigbaar tot uitdrukking kom in die een plaaslike vergadering van gelowiges, solank hulle vergader is vir die prediking van die Woord. Die vergadering van gelowiges is immers verteenwoordigend van die hele Nieu-Testamentiese Israel, die ganse volk van God.[9] Van 'n kerkverband, in die sin dat die plaaslike kerke, as selfstandige openbaringe van die liggaam van Christus, in 'n sigbare verband met mekaar tree, kan volgens dié opvatting geen

---

8). Ibid. p.22. Vgl. ook F.A. Hort: The Christian Ecclesia. Hy beweer: „...... it is important to notice that not a word in the Epistle exhibits the One Ecclesia as made up of many Ecclesiae." p.168. Elke plaaslike kerk is 'n eenheid, die liggaam van Christus, „but there is no grouping of them into partial wholes or into one great whole." Die <u>kerk</u> in sy eenheid het geen sigbare gestalte nie. „The members which make up the one Ecclesia are not communities but individual men. The one Ecclesia includes al members of all partial Ecclesia." p.168. Die eenheid van die kerk kan egter nie op institutêre gebied tot openbaring kom nie, „it is a truth of theology and of religion, not a fact of what we call Ecclisiastical politics." p.168.

9. Vgl. R. Sohm: a.w. p.22.

sprake wees nie. Daar is net een kerk, die liggaam van Christus wat een geestelike grootheid is. En dit is onmoontlik om dit op enige wyse te organiseer.

2. Die eenheid ook sigbaar-institutêr:

Dr. A.S. Geyser huldig dieselfde gedagte oor die kerk as 'n geestelike eenheid. Hy gaan egter verder as Sohm. Die kerk is die christelike gemeenskap en dit beteken 'n universele gemeenskap. Hierdie universaliteit van die kerk moet ook tot uitdrukking kom in die sigbare. „Kerk beteken uitgeroepenes, deur God geroepenes, van vér af, oor taal- en rasse- en nasionale grense deur God nader geroepenes sodat dié wat vér was en dié wat naby is, voortaan één, en sigbaar een sal wees soos Paulus dit ook stel....."[10] Die kerk mag nie opgedeel word „in etniese, taal- en kultuurkerke nie. Die sendingbevel van die Here bedoel presies die teenoorgestelde, namelik dat die Apostels dissipels moet maak, d.w.s. lidmate van die één, algemene Kerk, van mense uit al die nasies."[11]

Die geestelike eenheid noodsaak één algemene, sigbare Kerk.

H. Steen se gedagtegang sluit hierby aan waar hy sê: „Maar de H. Schrift eischt èèn Kerk, ook in het uitwendige.... (dit) eischt dat wij niet alleen geestelijk één zijn, maar ook uitwendig, institutair.

---

10). Prof. Dr. A.S. Geyser: Christelike Godsdiens en Eiesoortige Volksdiens. 'n Beoordeling van die Boek van Prof. Dr. A.B. du Preez, Eiesoortige Ontwikkeling tot Volksdiens. Oordruk uit Hervormde Teologiese Studies, (Jaargang 16 afl. 1). April 1960. p.5.

11). ibid. p.5.

"Plaatselijk" zoowel als "Particulier", generaal zoowel als "oecumenisch."[12)]

Hierdie één Kerk kom tot stand volgens Hoedemaker, deur die saamvoeging van die verskillende plaaslike kerke. Die kerk is dan die som-totaal van alle plaaslike kerke. „Immers, onderscheidene Kerken vormen te zamen weder éóne Kerk, die als zóódanig, d.i. als eene vele gemeenten omvattende eenheid optreedt zoo dikwerf hunne opzieners in de plaats, het gewest, het land, of in de geheele wereld samenkomen."[13)]

Dieselfde kerkbegrip kom ook na vore in die beskouinge van J.H. Eybers, H.J. Pienaar en O'B. Geldenhuys. Hulle opvattinge het veral as uitgangspunt die Wette en verordeninge vir die bestuur van die Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.[14)] Die plaaslike kerke of gemeentes word in die Sinode tot 'n corpus omskep, om so 'n eenheid, 'n kerk in institutêre

---

12). H. Steen: De Kerk. Kok Kampen. 1936. p.46. vgl. ook p.76.

13). Ph. J. Hoedemaker: De Kerk en het Moderne Staatsrecht. p.155/6. Hoedemaker vertolk hier die heersende beskouing in die Hervormde Kerk van Nederland van sy tyd, wat ook nog by A. Kuyper gevind word in sy „Kerkvisitatie te Utrecht in 1868." Utrecht 1868. „Een Kerkgenootschap dat over meerdere gewesten verdeeld, over tal van steden en dorpen verspreid is, vormt een geheel, dat uit deelen saamgesteld is. De kerk is het geheel, gemeenten noemt men de afzonderlijke deelen." p.30. Vgl. ook H.G. Kleyn: Algemeene Kerk en plaatselijke Gemeente. p.p. 17, 18 e.v.

14). Vgl. H.J. Pienaar: Die Inrigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Kaapstad. 1941. O'B. Geldenhuys: a.w. en J.H. Eybers: Die Kerkinrigting van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Pretoria. 1934.

sin te vorm.[15] Die sinode is die orgaan van die kerkverband. „Die besluite en handelinge van die sinode mag dus met reg bestempel word as die besluite van die kerk."[16] In die sinode kry die Kerk 'n sigbare gestalte, só dat die sinode ook kerk genoem word.[17]

Die regering van die één algemene sigbare kerk, saamgestel uit gemeentes wat in die nuutgevormde kerk net afdelings is, word uitgeoefen deur mindere en meerdere kerkbesture, dit is Kerkrade, Ringe en Sinode.[18] Die Sinode of Algemene Kerkvergadering beklee en by hom berus die hoogste gesag in die regering van die kerk.[19] Die kerkrade is onderworpe aan die besluite van die ringe en die ringe weer aan die van die Sinode.[20]

---

15). Vgl. H.J. Pienaar: a.w. p.p. 15 en 16. J.H. Eybers: a.w. p.p. 147, 148, 149 en 150.

16). O'B. Geldenhuys: a.w. p.157.

17). Vgl. ook Handelinge van die Agt-endertigste vergadering van die Hoogeerwaarde Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat. 1960. p.202, waar art. 36 van die „Konsep-Kerkorde vir die Verenigde Kerk" (sien p.17); gewysigd goedgekeur is om soos volg te lui: „Die verskillende saamstellende Kerke of Sinodes behou volle seggenskap...." Kerke en Sinodes word hier as sinonieme gebruik. Vgl. ook art. 32. Dat onder Kerke hier nie die plaaslike kerke bedoel is nie, is duidelik uit die aanwysing op p.17 dat die „saamstellende Kerke" die Vyf Kerke is, wat weer saamgestel is uit gemeentes.
Die aanvaarding van die Konsep-Kerkorde, met die oog op Kerkvereniging deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die O.V.S. het dus geen verandering in die Kerkbegrip meegebring nie. „Die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika" (kyk art. 2 p.17) kom blykens die Kerkorde tot stand deur die Vereniging van vyf kerke.

18). H.J. Pienaar: a.w. p.63; J.H. Eybers: a.w. p.158-190.

19). Vgl. J.H. Eybers: a.w. p.184. Vgl. ook A. Kuyper: Kerkvisitatie te Utrecht in 1868. p.33.

20). Vgl. J.H. Eybers: a.w. p.p. 184/5.

Beslissinge en bevele van die Ring moet deur die kerkraad uitgevoer word, terwyl die beslissing van die sinode finaal is.[21] „Die meerdere kerkvergaderings het die reg om aan die mindere kerkvergaderings opdragte te gee en hieraan moet hulle so spoedig moontlik voldoen."[22] Die sinode gee dus opdragte aan die ringe en kerkrade, terwyl die ringe weer opdragte aan die kerkrade gee.

Wanneer gespreek word oor die lidmaatskap van die kerk, kom die verdere konsekwensie van hierdie kerkbegrip met die daaraan verbonde kerkregeringstelsel, ook aan die lig. Hoewel iemand lid word van die gemeente[23] blyk dit tog dat om lidmaat te wees van die gemeente meteens lidmaatskap van die één kerk insluit. „Al bogenoemde persone bly lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat......."[24] Vandaar dat nie net „regeringsliggame" nie, maar ook lidmate van die kerk gebonde is om die wette en verordeninge van die kerk na te kom.[25]

---

21). Vgl. ibid. p. 184.

22). Vgl. Wette en Verordeninge van die Ned. Geref. Kerk in die O.V.S. art. 81. p.27.

23). Vgl. J.H. Eybers: a.w. p.148.

24). Vgl. Wette en Verordeninge van die Ned. Geref. Kerk in die O.V.S. p.11. art. 4. J.H. Eybers: a.w. p.149.

25). Vgl. Wette en Verordeninge: p.28. art. 83. Vgl. H.J. Pienaar: Die Inrigting van die Nederduitse Kerk in Suid-Afrika. Kaapstad. 1941. p.60. en A. Kuyper: Kerkvisitasie te Utrecht in 1868. p.31. „Door lid eener gemeente te zijn, is men van dat oogenblik af, ook van zelve lid der gansche kerk....."

Die kerkverband bring dus 'n nuwe liggaam voort, wat die plek van die plaaslike kerk inneem en deur die sinode geregeer word. Van selfstandigheid is daar by die plaaslike kerk nou geen sprake meer nie. Hiërargies daal die gesag van die Sinode af neer tot by die gemeentes. Die kerkregering is sinodokraties. Die kerkrade en ringe het wel deel aan die regering, maar alleen insoverre die sinode hulle 'n plek toewys. Prakties kom dit daarop neer dat veral die kerkrade grotendeels administratiewe liggame is waardeur die sinode werk. Selfs die predikante word in die naam van die sinode bevestig.[26) ] Dié amp is nie verbonde aan die plaaslike kerk nie, maar wel aan dié Kerk, wat aan die besondere ampsdraers 'n werkkring toewys.

Hierdie kerkbegrip bring mee dat die plaaslike kerk; wat in dié Kerk verdwyn het, nie meer primêr die openbaring van die liggaam van Christus is nie, maar wel van die Kerk, as die korporatiewe eenheid waarin die plaaslike kerke verdwyn het. Daarom verklaar H.J. Pienaar: „Die eerste gemeentes in ons volksplanting was nie „kerke" in die sin waarin ons „kerk" verstaan nie; hulle was gemeentes onder toesig en bestuur van die Classis Amsterdam. En ná die band met Nederland verbreek geword is, is al die gemeentes wat toe ontstaan het deur die N.G. Kerk gestig geword. Elke gemeente wat toe ontstaan het was slegs 'n openbaring van die N.G. Kerk aan 'n sekere plek. En elke lid van die N.G. kerk is lidmaat omdat die Kerk tot hom of haar sig uitgestrek het. En 'n gemeente is gemeente en 'n lidmaat is lidmaat kragtens die Kerk en net solank as hulle in die kerk-

---

26). Vgl. Wette en Verordeninge. p.18. art. 30.

verband bly."[27] Tussen Christus en die plaaslike kerk word die sinode so ingeskuif.

Met wat in die voorgaande aanhaling gesê is in gedagte - en wat uit die Wette en Verordeninge blyk - kom die volgende stelling van Pienaar, wat die Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika betref, nie ooreen met die werklikheid nie. Hy beweer naamlik: „Wat regeringsvorm betref, dit is Presbiteriaans. D.w.s. die bestuursliggame van die N.G. Kerk is Kerkrade, Ringe en Sinode of Algemene Vergadering."[28] Die presbiterium, die kerkraad, is in hierdie stelsel bloot 'n uitvoerende liggaam van die sinode. Die uitgangspunt van die kerkregeringstelsel, soos deur Pienaar toegelig en soos vervat in die Wette en Verordeninge van die Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, lê nie by die kerkraad nie, maar wel by die sinode. Vir Pienaar is die kerkraad ook nie die presbiterium nie, maar die Ring.[29] Die ring is dan die middelpunt van die kerklike organisasie. Dit „moet o.a. toesien dat in al die gemeentes binne sy ressort die wette en bepalinge van die Kerk uitgevoer word."[30] Die kerkraad is nie alleen nie 'n selfstandige regeerliggaam nie, maar word in die stelsel nog verder verdring deur die ring, wat die belangrikste kanaal vorm waardeur die sinode sy gesag laat

---

27). H.J. Pienaar: a.w. p.16. Kursivering: „was... sekere plek", van my. Anders van Pienaar self.

28). Ibid. p.11. Onder „Presbiteriaans" verstaan hy blykbaar dieselfde as wat in hierdie verhandeling „presbiteriaal" genoem word.

29). Vgl. Ibid. p.63.

30). ibid. p.66.

geld.[31]

Daarteenoor, soos later aangetoon word, is die grondslag van die presbiteriale kerkregeringstelsel dat die plaaslike kerk die kerk is, wat regeer word deur die kerkraad. Die presbiteriale stelsel ken nie die kerk as 'n korporasie wat deur die gemeentes saamgestel is, met die sinode as die regeringsliggaam nie.

Die kerkregeringstelsel deur Pienaar, Eybers en O'B. Geldenhuys beskryf, soos hulle dit beliggaam vind in die Wette en Verordeninge van die Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, is seker nie meer presbiteriaal nie; dit kan wel 'n sinodokratiese stelsel genoem word.[32]

Pienaar sê dat die grondslag waarop die wette en bepalings van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika rus, die „wette en bepalings van die Hervormde Kerk in Nederland" is.[33] Eybers wys verder daarop dat „daar op dié wyse destyds in sekere mate van invloed

---

31). Die tug oor ampsdraers en kandidate tot die Heilige Diens is die kerkrade heeltemal ontneem volgens die Wette en Verordeninge van die O.V.S. Art. 209.p.59. Dieselfde geld vir die „Konsep-Kerkorde," soos aanvaar deur die Vrystaatse Sinode. Vgl. Handelinge 1960. p.21. art. 61.c. Die art. is goedgekeur. Vgl. p.204.

32). Hier word nie uit die oog verloor wat Pienaar die Gereformeerde Canonici soos Voetius en H. Bouwman naskrywe nie, o.a. op p.p. 62/3. Dat hy dié wat hy so naskrywe se bedoeling nie begryp het nie, is duidelik as hy op p.64 dadelik weer beklemtoon dat die Sinode die „hoogste bestuursliggaam van die N.G. Kerk" is - 'n uitdrukking wat, in die lig van wat hy oor die één Kerk te sê het op p.16, nie vir misverstand vatbaar is nie. Volledigheidshalwe moet hier opgemerk word dat Hoedemaker blykbaar nie die volle konsekwensie van die ondergeskiktheid van die plaaslike kerkraad wil aanvaar nie. Vgl. a.w. p.158.

33). Vgl. H.J. Pienaar: a.w. p.7 en O'B. Geldenhuys; a.w. p.43.

vandaar op ons Kerk uitgegaan het."[34] In „Het Algemeen Reglement van 1816 voor het bestuur der Hervormde Kerk in het koningrijk der Nederlanden"[35] "het die kollegiale denkbeelde sowel in gees as in kerkinrigting 'n aansienlike mate van invloed gehad."[36] Dr. De Wet wys die „kollegiale denkbeelde" wat in die kerkregeringstelsel volgens die reglement na vore kom, aan as onder andere:

„(a) Die kerk is 'n genootskap wat bestaan uit die verskillende gemeentes..........

(b) Lidmaatskap berus eintlik net op 'n persoonlike en vrije daad, nl. „belijdenis des geloofs." Art. 1 sê: tot Het Hervormd Kerkgenootschap behooren allen, die, op Belijdenis des Geloofs, tot lidmaten zijn aangenomen, dezulken, die in de Hervormde Kerken gedoopt zijn.

Tereg vra die versamelaar dan ook: Waarom ook eerst de Geloofsbelijdenis en daarna de Doop?

(c) Die Kerkregering berus finaliter by die Sinode,"[37] en daar is ten slotte nie 'n besef van die skriftuurlike betekenis van die amp nie.[38] Wat die

---

34). J.H. Eybers: Die Kerkinrigting van die Nederduits Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Pretoria. 1934. p.26. Vgl. ook C.J.H. de Wet: Die Kollegiale Kerkreg. p.p. 94 en 99.

35). Afgedruk by J.C.A. van Loon: Het Algemeen Reglement van 1816. Bijlage i. p.p. 223. e.v.

36). J.H. Eybers: a.w. p.26; Vgl. C.J.H. de Wet: a.w. p.70.

37). C.J.H. de Wet: a.w. p.71.

38). Vgl. ibid. p.p. 72/3.

tug betref, word die nadruk gelê op die stipte nakoming van die wette van die instituut.[39)]

Van hierdie kollegiale denkbeelde het ons reeds teëgekom in die beskouinge van Pienaar, soos beliggaam in die wette en verordeninge van die Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.[40)] Dit gaan dus hier nie net oor 'n sinodokratiese stelsel nie, maar wel oor een wat sterk trekke van die kollegialisme vertoon.

Hierdie kollegialistiese trekke kom nog meer na vore as gelet word op sekere gedagterigtinge van O'B. Geldenhuys in verband met die kerkregeringstelsel „wat in ons N.G. Kerke in Suid-Afrika gevolg word."[41)]

Dit is soms moeilik om O'B. Geldenhuys se eie standpunt vas te stel, as gevolg van die wyse waarop hy gereformeerde canonici instemmend aanhaal, terwyl hy in werklikheid dit met hulle uitsprake nie eens is nie. Dit kom telkemale aan die lig dat hy geheel en al 'n ander opvatting het as wat hy meen om by die skrywers te vind op wie hy hom beroep. So haal hy onder andere vir H. Bouwman instemmend aan: „de opzieners zijn niet mandatarissen van de gemeente, maar zij zijn dragers van een geestelijk, door Christus verordend ambt, en ontvangen, al worden zij ook middellijk door de gemeente geroepen, van Christus hun opdracht en volmacht...... De bron van de macht en het gezag der dragers van het ambt is niet

---

39). Vgl. J.H. Eybers: a.w. p.23.

40). Vgl. H.J. Pienaar se kerkbegrip en sy opvatting oor die Sinode wat die hoogste gesag beklee. Verder: Wette en Verordeninge: artt. 2,3 a en e,4(a).p.11, 111, p.34. Vgl. ook „Die Kerkblad" 61e Jaargang nr. 1541, 6 April 1960. p.6; Prof. S. du Toit sê van die Kerkregering van die N.G. Kerke: „Die Wette en Bepalinge (by die een meer, by die ander minder, hoewel hulle in wese dieselfde is)verraai in gees en strekking nog ondubbelsinnig hul kollegialistiese oorsprong." Die Kerkblad, 61e Jaargang, nr. 1543, 20 April 1960. p.6.

41). O'B. Geldenhuys: a.w. p.25.

de gemeente, maar Christus het Hoofd en de Koning Zijner kerk, aan wie zij verantwoordelijk zijn."[42) ] 'n Paar bladsye verder aan is die predikant „'n voltydse amptenaar"[43)] en is 'n kerkraadslid iemand wat 'n betrekking waarneem,[44)] terwyl hy nog later onomwonde verklaar: „Amp is nie soos Ds. Pienaar dit stel „die werksaamheid waartoe die Evangeliedienaar deur die Heer geroep en deur die Kerk aangestel en bevestig geword is nie." Dit is 'n <u>betrekking</u> wat iemand beklee en waaraan sekere werksaamhede verbonde is."[45)]

Hierdie ampsgedagte laat al dadelik aan die lig kom dat O'B. Geldenhuys se gedagtegang langs kollegialistiese lyne loop. Immers as amp dié betekenis het, is ampsdraers ook niks anders as uitvoerders van die wil van die wat hulle in hulle betrekking gestel het nie. Dat hy dit wel so opneem, blyk uit die volgende stelling wat hy maak: „Ons het immers tevore aangetoon dat die regeermag oor die kerk nie by die ampsdraers berus nie; maar by die <u>gemeente self</u> en dat die regeermag net <u>uitgeoefen</u> word deur die ampsdraers namens die gemeente. <u>Die enigste wil wat hom in hierdie geval kan laat geld ten gunste van uittrede uit die kerkverband, is die van die hele gemeente.</u>"[46)]

---

42). ibid. p.77.

43). ibid. p.80.

44). ibid. p.91. Hy haal hier wel aan uit die Kerkwette van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in S.A. (Kaapse Kerk), maar in die lig van wat hy op p.178 sê, is dit sy eie beskouing ook.

45). ibid. p.178.

46). ibid. p.160. Kursivering van die laaste sin is van my, origens van die skrywer self.

Nog sterker kom die kollegialistiese inslag in die kerkregeringstelsel van die Nederduitse Gereformeerde Kerke, soos uiteengesit deur O'B. Geldenhuys, na vore, as hy spreek oor die reg tot verbreking van die kerkverband. Die reg kan uit drie gesigspunte beskou word, naamlik die kerkregtelike, die privaatregtelike en die sedelike. Die sedelike gesigspunt sluit die eis van die gewete in die lig van God se Woord in. Hy distansieer hom dan van Kuyper waar laasgenoemde beweer dat gehoorsaamheid aan God se Woord die verpligting tot die uittrede uit die kerkverband inhou wanneer die kerkverband weier om na die Woord te lewe. „Hy (Kuyper) gee dus <u>geen kerkregtelike grondslag vir die verbreking van die kerkverband nie, maar alleen die sedelike oorweging van Gods Woord self teen die regsorde in</u>."[47] Nie alleen neem hy so die Woord van God as grondslag van die Kerkorde weg nie, maar loën ook verder dat die belydenis die hoofsaak vir die bestaan van die kerkverband is.[48] Saam met H.G. Kleyn stel hy as enigste voorwaarde vir die verbreking van die kerkverband die bestaan van 'n artikel in die Kerkorde wat daartoe vryheid verleen.[49]

Die kerkorde is dan klaarblyklik die kontrak waarop die Kerk as korporatiewe eenheid rus. Solank

---

47). ibid. p.159. Kursivering van my.

48). Vgl. ibid. p.161. waar hy Rutgers se stelling insake die belydenis as grondslag van die kerkverband verwerp.

49). Vgl. ibid. p.162. Dit blyk dat dieselfde gedagte vervat is in die „Konsep-Kerkorde vir die Verenigde Kerke", art. 37, p.19. Handelinge van die Sinode van die N.G. Kerk in die O.V.S. 1960, soos gewysigd aanvaar deur dié Kerk, p.202. Hierdie Konsep is blykens nuusberigte met geringe wysigings deur die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te Kaapstad 1962 aanvaar. Die offisiële acta is egter nog nie beskikbaar nie.

die kerkorde of wet die reël is waarvolgens gehandel word, is onderwerping aan die besluite van die sinode 'n verpligting.[50] Solank die kerkorde nie oortree word nie, moet daar aan alle besluite van die sinode uitvoering gegee word. <u>Selfs al word die gewete verkrag deur 'n minagting van God se Woord in besluite van die sinode mag 'n kerkraad, sèlfs met toestemming van al die gemeentelede, nog nie die kerkverband verbreek nie, tensy die kerkorde self daartoe die reg gee</u>. „Vind so 'n afskeiding van die gemeente tog plaas, dan kan dit kerkregtelik nie anders as onregmatig geskied nie."[51] Dit sou dan geen wettige uittrede wees nie. Die doleansie van 1886 mag „uit die standpunt van die Gereformeerde Christelike gewete, 'n noodsaaklike en prysenswaardige weg gewees het; kerkregtelik was dit nie in orde nie..."[52] „Dit is en bly kerkregtelik 'n rewolusionêre daad..."[53]

Die kerkorde of wette en bepalinge of verordeninge van die sinode vorm so die akkoord van kerklike gemeenskap. Dit is die fondament waarop <u>die Kerk</u> gebou is. En kragtens daardie fondament het die sinode die hoogste gesag.

Die stelsel waarvolgens die Nederduitse Gereformeerde kerke in Suid-Afrika tot dusver geregeer is, blykens die opvatting van O'B. Geldenhuys, Pienaar en Eybers en, wat die Vrystaatse Kerk betref, volgens die wette en verordeninge, is derhalwe nie net 'n sinodo-

---

50). Vgl. O'B. Geldenhuys: a.w. p.162, waar hy H.G. Kleyn in die verband instemmend aanhaal.

51). ibid. p.164.

52). ibid. p.167.

53). ibid. p.167.

kratiese stelsel nie, maar baie sterker verwant aan die kollegialistiese kerkregeringstelsel as aan die presbiteriale. Met die Kerkorde of wette en Bepalinge of verordeninge as grondslag word die kerk gevorm. Die gesag wat deur die lede plaaslik oorgedra is aan dié wat 'n bestuursbetrekking beklee, en wat dit weer op hulle beurt oorgedra het aan afgevaardigdes wat saam met afgevaardigdes van ander gemeentes die sinode vorm, word dan behoudens die grondslag van die Kerk deur 'n blote meerderheidstem uitgeoefen. God se Woord beslis nie; wel die meerderheid.

Tereg wys De S. Lohman en Rutgers daarop dat by die verskuiwing van die belydenis as grondslag vir die kerkverband na die beginsel van oorstemming, 'n nuwe hiërargie ontstaan. „Had men, ten aanzien der gemeenschappelijke belijdenis de overeenstemming vervangen door het beginsel van overstemming, dan ware er een nieuwe hiërachie in de kerk ontstaan en alle waarborg, dat in alles de consciëntie getoetst aan Gods Woord zou beslissen..... verdwenen."[54] Wesenlik word die gesag van Christus in die stelsel ingeruil vir die gesag van die sinode. En as Eybers die belydenis as grondslag vir die kerkverband handhaaf en dan benadruk dat die Nederduits Gereformeerde Kerke die belydenis as grondslag weergee in die Kerkwette,[55] verander dit nog niks aan die vervanging van die gesag van Christus met dié van die Sinode nie. Want solank die belydenisgrondslag in die Kerkwette opgeneem is, geld die Woord van

---

54). A.F. De Savornin Lohman en F.L. Rutgers: De Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken. Utrecht. 1886. (Eerste uitgawe). p.21.

55). Vgl. J.H. Eybers: a.w. p.147; Vgl. ook H.J. Pienaar: a.w. p.65.

God. Maar die Sinode het, kragtens die „akkoord van die kerklike gemeenskap", die hoogste gesag en kan die artikels wysig na die smaak van die meerderheid.

3. Kerkverband wel nodig kragtens die geestelike eenheid.

(a) Die independentistiese beskouing:

In die independentistiese of kongregasionalistiese kerkregeringstelsel word die één-kerkidee op institutêre gebied geheel en al verwerp. In die stelsel word meer by Sohm se gedagtegang aangesluit en val alle nadruk op die onsigbare sy van die kerk. Alleen wedergeborenes kan tot lede van die sigbare kerk gereken word. As beproefde christene is hulle lidmaatskap aan die onsigbare kerk bewys en daarom kan hulle ook lede van die sigbare kerk wees. Dié lede van die onsigbare kerk verenig hulle deur 'n verbond tot 'n veelheid van geheel-op-sigself-staande kongregasies. Kongregasies wat te groot word om in een gebou te vergader, moet verdeel in kleiner groepe.[56)]

Hierdie kongregasies is onderling geheel onafhanklik van mekaar. Alleen die geestelike band, die band aan dieselfde Christus bind hulle aanmekaar. Vir die kerkregering het die band tussen die kongregasies hoogstens betekenis in adviserende sin. Die kongre-

---

56). Vgl. A.J. Bronkhorst: a.w. p.p. 244. e.v.; M. Bouwman: a.w. p.13; D. Nauta: De Nederlandsche Gereformeerden Kerken en Het Independentisme in de Zeventiende Eeuw. p.21.
Hier moet opgemerk word dat alle pogings om oorspronklike bronne van Independentistiese kant te bekom, onsuksesvol was. Dr. D. Nauta verklaar ook: „Maar al wil ik dit met nadruk vooropstellen, het valt tegelijk niet te loochenen, dat wij ook in ons land van literatuur over het aangeduide onderwerp slechts schaars zijn voorzien." a.w. p.8.

gasies kan wel saamkom in konferensies deur middel van afgevaardigdes, maar die konferensies het hoegenaamd geen gesag oor die kongregasies nie. Die samekomste is blote konferensies tussen die kongregasies en alle besluite wat geneem word, het slegs adviserende krag.[57)] Die kongregasies regeer hulself. Die ampsdraers het wel gesag, maar nie van Christus nie; die gesag is aan hulle gegee deur die gelowiges wat dit van Christus ontvang het. Aanvanklik moes, volgens die stelsel, alle besluite deur die kongregasie met algemene stemme geneem word. Later het die praktyk egter gedwing tot die beslissing deur meerderheid van stemme.[58)]

In die stelsel het die kerkverband dus geen betekenis vir die kerkregering nie.

(b) <u>Die beskouing van Jacobs en Greydanus</u>:

Doktore D. Jacobs en S. Greydanus ontwikkel ten opsigte van die kerkverband gedagtes wat, indien nie independentisties nie, wel baie nou daaraan verwant is. Hulle aanvaar die geestelike eenheid van die kerke en die noodsaaklikeid van 'n kerkverband, maar laat die klem só op die geestelike eenheid val dat hulle byna geen plek vir die sigbare openbaring van die eenheid tussen die plaaslike kerke kan inruim nie. „Want die eenheid van 's Heeren kerk over de geheele aarde is geestelijk, niet institutair, niet ambtelijk."[59)]

---

57). Vgl. A.J. Bronkhorst: a.w. p.p. 244. e.v.; M. Bouwman: a.w. p.13; Karl Rieker: Grundzätse reformierter Kirchen Verfassung. Leipzig. 1899. p.55.

58). Vgl. A.J. Bronkhorst: a.w. p.p. 244 e.v. en D. Nauta: a.w. p.23.

59). S. Greydanus: Schriftbeginselen van Kerkrecht inzake meerdere vergaderingen. p.11.

As geestelike eenheid gaan <u>die Kerk</u>, die liggaam van Christus, aan die dele, die plaaslike kerke, vooraf. Maar die plaaslike kerke vorm nie op institutêre gebied onderafdelings van die een groot instituut nie. Wat meer is, in die Nuwe Testament is daar geen spoor te vind van 'n formele, institutêre band tussen die kerke nie.[60] Die kerke waarvan sprake is in die Nuwe Testament, toon almal dat hulle besef dat hulle deel is van die algemene kerk, die geestelike liggaam van Christus, en handel dienooreenkomstig. „Er is verscheidenheid, maar niet minder eenheid, besef van algemeene saamhorigheid zonder dat er een organisatie boven de plaatselijke kerken bestond. Daarvan zijn geen sporen te vinden. De band, die hen samenhield, was geestelik en moreel van aard."[61] Die plaaslike kerke het, ten tyde van die ontstaan van die Nuwe Testament, heeltemal selfstandig langs mekaar gestaan.[62] Al uitwendige band en samehang wat die plaaslike kerke gehad het, was in die persone van die apostels geleë. Die kerke was almal van hulle afhanklik en aan hulle onderworpe.[63] Maar, hoewel die apostels bo die gemeente gestaan het, tree hulle tog nie op met 'n soort hoër kerklike outoriteit nie. Hulle optrede is persoonlik. Hulle gryp persoonlik in die sake van die plaaslike kerke in kragtens

---

60). Vgl. ibid. p.11. „.... wij zien toch niet dat er eenige institutaire band bestond tusschen de verschillende kerken, door Paulus' Evangeliewerkzaamheid ontstaan, of die verder in het Nieuwe Testament vermeld worden." Die gemeentes het „zelfstandig naast elkander" gestaan. Vgl. ook D. Jacobs: De Verhouding tusschen de Plaatselijke en de Algemeene Kerk in de eerste drie eeuwen. Leiden. 1927. p.99.

61). D. Jacobs: a.w. p.99.

62). Vgl. S. Greydanus: a.w. p.11.

63). Vgl. S. Greydanus: a.w. p.11; D. Jacobs: a.w. p.101; Vgl. ook A.M. Brouwer: De Kerkorganisatie der Eerste Eeuw en Wij. p.85.

die gesag wat hulle van Christus ontvang het. Hulle is nie draers van kerklike gesag nie. „De gemeente zag achter hen niet de Kerk, maar Christus."64) Die apostels neem as gesante van Christus 'n besondere plek in as sy gevolmagtigdes. Hulle vorm die skakel tussen Christus en die kerk gedurende die eerste tyd. Die grondliggende werk is onder die persoonlike leiding van die apostels gedoen ter oprigting en vestiging van die kerk. Die plaaslike kerk, ook in die lig van die posisie wat die apostels ingeneem het, is volgens die Nuwe Testament outonoom, alleen gebonde aan die Woord van Christus en die apostels.

Met die verdwyning van die apostolaat het ook die reg tot persoonlike, amptelike ingryping in die sake van 'n plaaslike kerk deur iemand wat nie aan die besondere kerk verbonde is nie, verdwyn. Die amp by wie die kerkregering na die apostels berus, is alleen verbonde aan die plaaslike kerk: „Een ambtsdrager,.... is alleen maar ambtsdrager... van de kerk ter plaatse, waarin hij verkozen en aangesteld werd."65) Die kerkraad kan dan ook net regeermag uitoefen in die plaaslike kerk, maar is ook al liggaam wat regeermag in die kerk het.

'n Beroep op Handelinge 15 gee nie die reg om die instelling van meerdere vergaderings, met regeermag in

---

64). D. Jacobs: a.w. p.101.

65). S. Greydanus: a.w. p.13. Vgl. ook J. van Dalen: De Schriftuurlijke Beginselen van het Kerkrecht. Goes - 1946. p.p. 12 en 15. In hoofsaak sluit van Dalen se gedagtegang in alles aan by Greydanus. Hy is net baie meer uitgesproke in die besliste ontkenning van alle amptelike gesag van meerdere vergaderings. Vgl. p.23. Christus het geen amptelike orgaan met gesag beklee in die kerkverband nie. Vgl. p.15.

die kerk, aan te neem nie. Die organisasie van 'n kerkverband, <u>met die oog op die kerkregering</u>, as 'n Goddelike roeping kan nie aanvaar word op grond van hierdie Skrifgedeelte nie. „Bij die Jeruzalemsche vergadering is voor ons te veel onzekers of onduidelijks, ook was daar het geheel bijzondere van de tegenwoordigheid der Apostelen."[66] Op die vergadering het dit ook nie gegaan om 'n duistere saak waarop die lig van die Woord van God nog moes val nie. Paulus is 'n apostel. Hy en al die apostels het deur die openbaring aan Petrus met betrekking tot Cornelius, geweet dat God nie die heidene aan die Joodse besnydenis en reinheidswette wil onderwerp nie. Daar was egter drywers van die vroeëre Fariseïstiese party, die Judaiste, wat na hulle bekering tog nog aan die wet van Moses bly kleef het. Hulle het uit Jerusalem gekom en tweedrag oor die saak in Antiochië gestig. Paulus se beslissing oor die saak is nie deur die gemeente aanvaar nie en hulle het daarop aangedring dat afgevaardigdes na Jerusalem moes gaan vir 'n beslissing. Paulus was teensinnig om as afgevaardigde te gaan, maar hy gaan tog, nadat hy 'n openbaring van God ontvang het dat hy moes gaan; Galate 2:2. Die vergadering te Jerusalem was eintlik onnodig, selfs nie ooreenkomstig die wil van God nie. „Deze openbaring des Heeren op zichzelve is nog geen wettiging der samekomst te Jerusalem, allerminst eene goedkeuring of Goddelijke aanwijzing, dat zij recht en naar Zijnen wil was. Want samespreking was niet noodig geweest."[67]

---

66). S. Greydanus: a.w. p.39. Vgl. A.M. Brouwer: a.w. p.p. 85-90 waar hy die nadruk lê op die persoonlike gesag van die apostels. In Hand. 15 gaan dit ook maar om hierdie persoonlike gesag van die apostels. In Jerusalem word die beslissende Woord deur Jacobus gespreek. Dit is nie die vergadering wat beslis het nie, wel die apostels.

67). S. Greydanus: a.w. p.34.

Afgesien van die onnodigheid van die vergadering, is dit verder nog 'n vraag wie die beslissing op die vergadering laat val het. Dit wil voorkom of die apostels en ouderlinge beraadslaag en besluit het, „maar geschiede dit in tegenwoordigheid der gemeente, die, vermoedelijk stilzwijgend hare goedkeuring daaraan gaf. Stellig kunnen we hier moeilijk spreken. Daarvoor zijn de woorden hier niet duidelijk genoeg."[68]

Jacobs sluit in sy verklaring van Handelinge 15 aan by sy stelling dat by die Palestynse christene 'n ander kerkbegrip heersend was as by die heidense broeders. „De historische continuïteit dwingt de Palestynsche christenen zich in de eerste plaats te voelen als volk, als een volkskerk met Jerusalem tot hoofd en middelpunt, waarbij zelfstandige Ekklesiái als in de heiden-christelijke wereld niet te verwachten zijn."[69] In Handelinge 15 word nou die verhaal gevind van 'n verskil tussen die Palestynse kerk en die kerke uit die heidene oor die besnydenis. Paulus en Barnabas wil deur 'n besluit van die Jerusalemse kerk die Judaïste, wat hulle in die heiden-gemeentes teenstaan, tot swye bring deur 'n outoriteit uit hulle eie kring. Die besluit in Handelinge 15 is dan niks anders as 'n besluit van die „Jerusalemsche gemeente met de apostelen en ouderlingen in het bewustzijn dat zulk een besluit van haar als moederkerk, onder hun leiding genomen, van kracht was voor de algemeene Kerk."[70] Hier is dus net sprake van die Palestynse moederkerk wat leiding gee ter vergemakliking van die werk van Paulus onder die heidene. Wat meer is, op die vergadering word net raad gegee. „Het is geen

---

68). ibid. p.36.

69). D. Jacobs: a.w. p.48.

70). ibid. p.52.

dwingend bevel, geen juridisch bindend besluit."[71]
Die besluit word nie geneem met bedreiging van sensuur of anathema vir die wat dit nie opvolg nie. Die vergadering wil dit wel opgevolg sien, nie omdat hulle dit besluit het nie, maar omdat die besluit van Goddelike outoriteit is. Dit was 'n uitspraak van die Heilige Gees. Dit is aan die gemeente oorgelaat of hulle die advies wil opvolg of nie. Die besluit was alleen sedelik-bindend, omdat dit gerus het op 'n onfeilbare uitspraak van die Heilige Gees. Vir die gehoorsaamheid daaraan was die gemeentes aan geen ander gemeente of enige vergadering verantwoordelikheid verskuldig nie, alleen aan Christus.

Uit Handelinge 15 kan dus, volgens Jacobs en Greydanus, geen konklusies getrek word vir die organisasie van die kerkverband met die oog op die regering van die kerk deur meerdere vergaderings nie. Die stelling word verder bewys, volgens hulle mening, deur wat vermeld is in Openbaringe 2. In Pergamus en Thiatire het lidmate hulle skuldig gemaak aan die eet van afgodsoffer en ontug. In die briewe aan die gemeentes word uitdrukkinge gebruik wat sterk ooreenkom of woordeliks ontleen is aan die Jerusalemse besluit. Tog word die gemeentes nie deur die moederkerk of enige ander kerk bestraf of bedreig met ekskommunikasie uit 'n kerkverband omdat hulle nie die voorskrifte naleef nie. Christus self tree teen hulle op, sonder om 'n kerkverband of ander kerke medeverantwoordelik te hou omdat daar nie teen hulle opgetree is nie. „Wat toch had moet zijn; indien het thans bij velen heerschende kerkbegrip op die Schrift ware gegrond."[72]

---

71). ibid. p.55.

72). D. Jacobs: a.w. p.56.

As daar egter iets vir die goddelike reg van die kerkverband en die instelling van meerdere vergaderings moet afgelei word uit Handelinge 15, „valt uit haar op te maken, dat, mogen de afgevaardigden slechts alleen het recht van spreken en besluiten hebben, de beraadslaging niet moet omgaan buiten de gemeente, maar voor haar front dient te geschieden, bepaald die betrekking heeft op de leer. Dan moet niet alles omgaan buiten de gemeente zoodat eindelijk uit de verborgenheid eener beraadslagende vergadering een besluit op de gemeente wordt gelegd, waarvan zij te voren niets wist, en terwijl zij van die gansche zaak en hare bespreking tevoren geheel onkundig was gehouden."[73]

Vir Greydanus is die organisasie van die kerkverband in meerdere vergaderings wel geoorloof en selfs nodig, tot welsyn van die kerke.[74] Maar dan bestaan en funksioneer die kerkverband alleen kragtens 'n onderlinge ooreenstemming, 'n onderlinge afspraak. „Daarom hebben ook de meerdere kerkelijke vergaderingen geenerlei eigen bevoegdheid of zeggenschap en macht van regeling, ingrijpen, censuur, schorsing, afsetting, in of over eenige kerk, tot haar behoorende, dan voorzoover die kerk daartoe zoodanige bevoegdheid over zich aan de meerdere vergadering tevoren verleend heeft. Doch die voorafgaande

---

73). S. Greydanus: a.w. p.36.

74). Vgl. ibid. p.18: „Juist omdat de plaatselijke kerken ten aanzien van elkander voor organisatie en ambtelijke beïnstrumenteering of voorziening zelfstandig zijn, en niet aan elkander onderschikt, hoewel als ware kerken slechts plaatselijke openbaringen van het éene lichaam van Christus, de éene kerk van het begin der wereld tot haar einde, daarom kunnen deze kerken niet anders dan met wederzijdsche overeenstemming, mutuus consensus, met elkander in verband treden, confoederatief, als gelijken, die van zichselve over elkander niets te zeggen hebben, maar samen afspreken, hoe zij naar het Woord Gods in die en die gevallen zullen handelen...." Vgl. verder p.18 en p.40.

machtsverleening is reeds bij voorbaat,.... door de kerken onderling, bij het aangaan van haar verband, afgewezen en afgesneden....."75)

Die georganiseerde kerkverband het dus nooit seggenskap in die plaaslike kerke nie. Die seggenskap van die meerdere vergaderings strek net so ver as wat die kerke in die verband deur onderlinge ooreenkoms daaraan toevertrou. Die kerke of kerkrade is dan ook net insoverre gehoorsaamheid verskuldig aan die besluite van die meerdere vergaderings as wat die betrokke vergadering besluit het oor sake waaroor die kerke hulle bevoegdheid gegee het en insoverre die kerke dit as in ooreenstemming met God se Woord beskou.76) Hierdie gehoorsaamheid aan die besluite van meerdere vergaderings is nie afdwingbaar nie: „Dan is alle dwang uitgesloten; en blijft er slechts plaats voor drang, voor zedelijke overredingskracht met den eisch van Gods Woord."77)

---

75). ibid. p.14. Vgl. ook Voetnoot 74.

76). Vgl. S. Greydanus: a.w. p.p. 28 en 11. Vgl. ook A. De Savornin Lohman en F.L. Rutgers: De Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken. Tweede, veel vermeerderde, uitgave. 1887; p.p. 41/42; F.L. Rutgers: De Geldigheid van de Oude Kerkenordeningen der Nederlandsche Gereformeerde Kerken. p.23. Voetnoot 1. Vgl. die standpunt van Prof. dr. K. Schilder-wat die kerkregtelike beskouings van Greydanus deel-in sake die ratifikasiereg: Eers moet die besluite van 'n meerdere vergadering deur die mindere bekragtig of goedgekeur word voordat dit vir die mindere vergadering bindend is. Acta van de Generale Synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland. 1943-1945. Bijlage LXIII.p.358.

77). S. Greydanus: a.w. p.18. Vgl. A.F. De Savornin Lohman en F.L. Rutgers: a.w. p.36: „Want de band, die allen verbond, was veel meer van zedelijken, van geestelijken, dan van juridischen aard." Vgl. ook Sohm: a.w. p.p. 309 e.v. Insoverre dat Sinodes ontstaan het uit gemeentevergaderinge, is die kerk vry t.o.v. alle sinodale besluite. „Die Kirche ist deshalb gegenüber alle Synodalschlüssen vom formalen, rechtlichen Standpunkt aus frei. Es bedarf der Zustimmung der Kirche, der Reception der beschlossenen Kanones, um sie in thatsachliche Wirksamheit zu versetzen." p.323.

Selfs die opvolging van die orde deur die apostel Paulus voorgeskryf vir die gemeentes was net sedelike plig. Die gemeentes is „hoofdzakelijk aan zichzelf overgelaten en waren zij verantwoordelijk voor de handhaving der leer."[78)]

F.L. Rutgers en H. Bouwman sluit enersyds by die gedagtegang aan.[79)] Rutgers sê dat die Kerkorde, en Bouwman spreek van besluite, deur meerdere vergaderings opgestel en aangeneem, slegs bindend is vir die kerke „die haar hauden helpen maken of wijzigen, of die haar later mede aannemen."[80)]

Volgens die beskouing van Greydanus, en in 'n mindere mate dié van Jacobs, is dit dus wenslik en selfs noodsaaklik dat die plaaslike kerke in onderlinge verband tree en dat die verband tot openbaring kom in meerdere vergaderings. Maar dan word die meerdere vergaderings as gesagvolle regeerliggame prakties eintlik weer uitgeskakel. Die vergaderings het geen wesenlike gesag nie, en dit hang eintlik net af van die kerke of hulle die besluite van meerdere vergaderings wil opvolg of nie. Hierdie beskouing hel, insoverre dit die kerkverband aangaan, baie sterk oor na dié van die independente. Alles in aanmerking geneem, kom dié van Greydanus baie naby aan, en is dié van Jacobs feitlik dié van die independente. „Men kan volkomen terecht Jacobs Neo-independent noemen;....."[81)]

---

78). D. Jacobs: aw. p.93.

79). Enersyds, omdat, soos later sal blyk, hulle ook nog 'n ander beskouing daarop nahou.

80). F.L. Rutgers: De Geldigheid van die Oude Kerkenordeningen der Nederlandsche Gereformeerde Kerken. p.23. Vgl. ook p.25; vgl. H. Bouwman: Gereformeerd Kerkrecht II. p.129.

81). M. Bouwman: a.w. p.140. vgl. H.H. Kuyper: De Heraut, Jaargang 1932. no. 2837, in „Napleiten."

Die kerkverband kom wel in meerdere vergaderings tot openbaring, maar daar word eintlik alleen adviserende mag aan die vergaderings toegeken in die sin dat die plaaslike kerke self moet beslis of hulle die besluite van die vergaderings tot hulle eie maak.

Rutgers en Bouwman ken wel aan die meerdere vergaderings - soos later sal blyk - gesag toe, maar, insoverre hulle die gesag van meerdere vergaderings as 'n laere en afgeleide gesag beskou wat ontleen is aan plaaslike kerke wat vrywillig van hulle oorspronklike gesag afstand gedoen het, hel hulle tog dikwels oor na die independentistiesgekleurde standpunt van Greydanus veral.[82)] Volgens hierdie beskouing kan die plek wat die kerkverband in die kerkregering inneem, in die praktyk ook uiteindelik uitloop op die van 'n blote adviserende liggaam, al word daar ook selfs baie waarde aan die adviese van die liggaam geheg. Elke plaaslike kerk kan immers net wanneer dit hom behaag sy vrywillig-oorgedraagde gesag terugneem.

---

82). Vgl. J. de Jong: Verklaring van de Kerkenordening van de Nationale Synode van Dordrecht 1618-1619. College Voordrachten van Prof. Dr. F.L. Rutgers over Gereformeerd Kerkrecht. IV. p.p. 121; 158; A.F. de S. Lohman en F.L. Rutgers: a.w. p.90. H. Bouwman: a.w. II. p.p. 19, 21; en veral p.129. „Ontbreken er kerken, dan kan ook een classicaal besluit voor de ontbrekende kerk geen effect sorteeren, vóór deze kerk hare instemming met het genomen besluit had betuigd." In navolging van Rutgers en Bouwman verklaar ook prof. J.A. du Plessis dat die plaaslike kerk heeltemal outonoom is; die gesag van meerdere vergaderings word alleen erken omdat die plaaslike kerke vrywillig van hulle gesag oorgedra het. „Nee, alle sinodale gesag is afgelei van die gesag wat aan hom oorgedra is deur die kerke....." p.93. En verder „...... dat die gesag van 'n Sinode nie oorspronklik is nie, maar afgelei, dit beteken die Sinode het geen gesag nie as wat aan hom oorgedra is deur die kerke in die Kerkverband." Die Gereformeerde Kerk en Kerkregering. Nas. Pers. Beperk, Bloemfontein. 1925. p.p. 95/6.

Wanneer hier gewys word op die oorhelling na die independentisties-gekleurde opvattinge van veral Rutgers en Lohman, moet die polemiese agtergrond waarteen hulle gedagtes oor die plek van die kerkverband in die kerkregering ontwikkel is, altyd in aanmerking geneem word. Daarmee het H. Bouwman en ander nie altyd rekening gehou nie. Vandaar dat by Rutgers sowel as H. Bouwman telkemale spore van teenstrydige gedagtes in die verband gevind word. Enersyds handhaaf hulle die instelling van die meerdere vergaderings as deur Christus verorden en dat dit met gesag beklee is.[83] Andersyds weer word die vrywillige grondslag waarop die kerkverband sou berus, so beklemtoon dat meerdere vergaderings bloot uit nuttigheidsoorweginge noodsaaklik is; en dit hang daarvan af in welke mate die plaaslike kerke daaraan gesag oordra.[84]

Die verdienste van Rutgers is dat hy die selfstandigheid van die plaaslike kerk gehandhaaf het teenoor die kollegialistiese geringskatting daarvan. Maar in sy afwysing van die sinodokratiese hiërargie, en die

---

83). Vgl. A.F. de S. Lohman en F.L. Rutgers: a.w. 1886. p. 9. Hier beklemtoon hulle die geestelike band. „Even onbetwistbaar is het feit dat de kerken, hoe zelfstandig ook, te samen toch weer een geheel vormden, en wel door hare gemeenschappelijke belijdenis." Vgl. hiermee Rutgers se uitspraak: „enerzyds de vrijheid en zelfstandigheid der plaatselijke kerk, en anderzijds de roeping om tot het kerkverband toe te treden en het recht en de macht van dat kerkverband om over sommigen dingen te beslissen." J. de Jong. a.w. : p.157. (Kursivering van my.) Vgl. H. Bouwman: a.w. II. p.49.

84). Vgl. J. de Jong: a.w.; „De meerdere vergadering ontleent hare macht aan de mindere vergaderinge." p.121; Vgl. ook p.122 en 157, die plaaslike kerke het met die vrywillige toetrede tot die kerkverband hulle verbind om die gesag van die kerkverband te erken. Vgl. H. Bouwman: a.w. II. p.129; ook A.F. de S.Lohman en F.L. Rutgers: a.w. 1886. p.p. 95 e.v. Bylage II.

poging om die juridiese reg van die plaaslike kerk op die kerklike goedere te bewys, het hy nie tot 'n duidelike aanwysing van die plek van die kerkverband in die kerkregering kon kom nie.

Daarmee is 'n dubbelslagtige gedagtegang in die gereformeerde kerkreg ingeloods, waardeur veel verwarring ontstaan het oor die plek van die kerkverband in die kerkregering en veral die gesag van die meerdere vergaderings.[85)]

(c) <u>Die plek van die Kerkverband in die kerkregering, gesien in die lig van die Koningskap van Christus</u>:

Die plek wat die kerkverband in die kerkregering inneem, moet gesien word in die lig van die feit dat Christus die Hoof en Koning van sy kerk is. Uit die oogpunt van Christus se Hoofskap gesien, is daar maar één kerk, die liggaam van Christus, soos dit versprei is oor die ganse aarde deur alle tye heen. Wesenlik is die kerk dan ook universeel; dit is 'n groeiende organisme onder die één Hoof. „So is die kerk ekumenies. Ekumenies wil sê: „wêreldwyd in Christus een." Nie gemeentes, maar die menslike geslag omvattend. Die tweede gedagte in liggaam is die van 'n <u>groeiende organisme</u>. Die Hoof is ook die Begin. Hoof van die gemeente moet dan ook verstaan word in organiese sin, sodat die gemeente Sy liggaam is, wat uit Hom groei."[86)]

---

85). Vgl. H. Bouwman: a.w. II. p.p. 67 e.v. oor die verwarring wat bestaan, soos o.a. geopenbaar in die besluit van Assen oor die afsetting van dr. Geelkerken en enige kerkraadslede. Vgl. ook: Polemiek o.a. in Gereformeerd Theologisch Tydschrift, jaargange 38-40, en De Heraut, veral 1932.

86). Prof. W.J. Snyman: Die Gebruik van die woord „Kerk" in die Nuwe Testament. p.7.

Die eenheid van die universele kerk, die één kerk as liggaam van Christus, is uiteraard eerstens in die geestelike geleë. Verspreid oor die ganse aarde is die lede van die liggaam deur dieselfde geloof aan die één Here verbind. En wie die ware lede van die kerk is, is alleen by Christus bekend. Dit is ook onmoontlik vir al die lede om as één sigbare en georganiseerde vergadering van gelowiges gestalte aan te neem teenoor die wêreld. Tewens, dit kan selfs gebeur dat die kerk in die wêreld op 'n sekere tydstip nie eers 'n sigbare gestalte vertoon nie. „Wij daarentegen beweren, dat de kerk ook zonder dat haar gestalte zich vertoont, kan bestaan...... welke gestalte denken we dat nog geschitterd heeft, toen Elia klaagde, dat Hij alleen over was. (1 Kon. 19:11)?"[87] Na die geestelike sy is die kerk dus nie net één nie, maar ook onsigbaar.

Die normale is egter dat die liggaam van Christus op aarde sigbaar tot openbaring kom. Die wat aan Christus behoort is geroepe om Sy Naam openlik te bely.[88] Deur die belydenis en wandel van die gelowiges word die kerk op aarde sigbaar en is die gelowiges op elke plek geroepe om hulle as vergadering onder die regering van Christus te stel deur die instelling van 'n kerkraad. Hierdie plaaslike kerk is dan 'n openbaring van die liggaam van Christus, die universele kerk.

„Naar haar waarneembare sijde daarentegen treedt de kerk niet dan stuksgewijze in het licht en dus altoos plaatselijk,...."[89] Logies gaan die kerk

---

87). Calvyn: Institusie: Voorwoord aan die Koning. Deel I. p.XXIX. Vgl. Nederlandse Geloofsbelydenis: art. XXVII.

88). Vgl. Mtt. 16:15 en 16; Matt. 10:32; Luk. 12:8,9.

89). A. Kuyper: Tractaat. p.7.

as eenheid in Christus dus die plaaslike kerk vooraf. En juis daarom kan die plaaslike kerke nie los van mekaar staan nie. Nadat Calvyn gewys het op die eenheid van die algemene kerk en die bestaan van die plaaslike kerke, waarvan mense deur belydenis en vroomheid as lede gereken word, gaan hy verder: „Zoo houden wij vast aan de eenheid van de algemene kerk, welke duivelse geesten altijd gepoogd hebben te verscheuren, en wij berooven aan de andere kant de wettige vergaderinge, die verspreid zijn naar gelegenheid der plaatsen, niet van hun gezag."[90) „Gemeenschap van geloof en die wetenschap dat elke plaatselijke kerk de openbaring van het één sōma toū chroū was, drong tot aaneensluiting."[91) Die eenheid in Christus dwing die plaaslike kerke om met mekaar in verband te tree. „Deze eenheid van alle gemeenten komt ook niet eerst aposteriori door belijdenis, kerkenorde en synodaal verband tot stand; de kerk is geene associatie van personen, die eerst buiten haar om tot het geloof zijn gekomen en daarmee zich hebben vereenigd. Maar zij is een organisme, waarin het geheel aan de deelen voorafgaat; hare eenheid gaat aan de veelheid der plaatselijke gemeenten vooraf en ligt in Christus."[92)

Omdat hulle één is in Christus, moet die plaaslike kerke hierdie eenheid ook in die organisasie van die kerkverband tot uitdrukking laat kom. Die universaliteit van die kerk moet dus ook sover moontlik op institutêre gebied tot openbaring kom.

Die bewering van Greydanus en ander dat daar in die Nuwe Testament geen spoor van 'n formele institutêre

---

90). Calvyn: Institusie. IV. 1. 9. p.19.

91). A. Kuyper: Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid. III. p.228.

92). H. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek IV. (1911) p.301.

band tussen die plaaslike kerke te vind is nie, kan nie aanvaar word nie. Hy het gelyk daarin dat die onderlinge verband tussen die Nieu-Testamentiese kerke veral beliggaam was in die persone en werk van die apostels, maar dat dit alleen kragtens die universaliteit van die apostelamp só was, en dat die direkte uitwendige band tussen die kerke na hulle dood nie meer kon bestaan nie, omdat die ampte in die kerk net plaaslik was, kan nie uit die Skrif afgelei word nie.

Die apostels skryf verordeninge voor wat in elke plaaslike kerk nagekom moes word.[93] Elke kerk moes op dieselfde wyse ingerig en geregeer word. Dit wys reeds in die rigting van 'n eenheid, saamhorigheid en uniformiteit wat tussen die kerke gehandhaaf moes word. En dit het nie net gegeld vir die tyd toe die apostels geleef het nie, want elke plaaslike kerk is ten alle tye gebou op die fondament wat deur die apostels gelê is. Elke kerk, ook na die verdwyning van die apostolaat, moet as openbaring van die een liggaam van Christus steeds getrou bly aan die apostoliese Woord, ook wat die inrigting en regering daarvan betref. Die één apostoliese woord, wat die Woord van die Koning van die kerk deur hulle is, soos weergegee in die Heilige Skrif, is die enigste maatstaf vir die regering in elke plaaslike kerk.

Daarom kan die kerke, ook met die oog op die kerkregering, nie los van mekaar bly staan nie. Die plaaslike kerk is wel die openbaring van die liggaam van Christus, maar nie die enigste openbaring van dié liggaam nie. „Vergaderingen in andere plaatsen, die

---

93). Vgl. S. Greydanus: a.w. p.26.

insgelijks openbaringen van het zelfde lichaam Christi zijn, hooren dus bij haar en zij bij deze."[94] Die plaaslike kerke moet dus kragtens die wese van die kerk, as openbaringe van dieselfde liggaam, op so 'n wyse met mekaar in verband kom dat uit dieselfde Woord die enigste wil van dieselfde Koning vasgestel kan word vir die regering van die kerk. Die kerk is daarom in die kerkregering nie net op die kerkraad aangewys nie. Die lede van die een liggaam kan nie sê dat hulle mekaar nie nodig het nie.[95]

Die plaaslike kerkraad kan alleen sy regeertaak uitoefen as daar rekening gehou word met die eenheid van die liggaam van Christus en met Sy enige Koningskap. Alle kerkrade het dieselfde opdrag van dieselfde Koning, Jesus Christus. Hierdie beginsel word kernagtig saamgevat in die inleiding tot die Weselse artikels. „Praecipit Apostolus Paulus ut in ecclesia Dei omnia fiant ordine et decenter: Quo non modo unanimus ecclesiae in doctrina, verum etiam in ipso ordine et politica ministerii gubernatione constat ac habeatur consensus."[96] So min as wat die enkele ampsdraers in die plaaslike kerk onafhanklik van die ander ampsdraers kan optree in die kerkregering, net so min kan die kerkrade van die verskillende plaaslike kerke onafhanklik van mekaar staan in die vervulling

---

94). A. Kuyper: Tractaat. p.77. Vgl. W.J. Snyman: a.w. p.14. „Soos met die gelowiges, so ook met die gemeentes. Soos die gelowiges hulle moet verbind tot 'n gemeente, so moet die gemeentes hulle verenig in Kerkverband. Egter nie om een te word nie, maar omdat hulle een is. Die ecclesia universalis voorop." en p.15. „Kerkverband <u>bring</u> nie eenheid nie, maar <u>rus</u> op eenheid."

95). Vgl. 1 Kor. 12.

96). F.L. Rutgers: Acta van de Nederlandsche Synoden der Zestiende eeuw. p.9.

van hulle taak. Daarom is dit noodwendig dat daar meerdere vergaderings sal wees, waardeur die eenparigheid in die kerkregering bewerkstellig moet word.

Die Heilige Skrif wys ook hier die weg aan vir die organisasie van die kerkverband in Handelinge 15, waaruit die oorsprong van meerdere vergaderings of sinodes af te lei is. Voetius voer aan dat ons hier te doen het met die geopenbaarde wil van God; wel nie as direkte bevel of uitspraak nie, maar tog in die praktyk wat deur die kerk in die Heilige Skrif gevolg is. „Het voorbeeld der kerken in de H.S. vormt mede den blijvenden regel voor de inrichting van het kerklijk leven."[97) ] Handelinge 15 is die bewys dat die kerkverband, soos dit georganiseer is in meerdere vergaderings, rus op 'n Jus divinum positivum.[98)] Volgens M. Bouwman sluit Voetius met hierdie beskouing aan by alle ou gereformeerde teoloë. [99)]

Die beswaar van Greydanus dat daar soveel onsekers aan Handelinge 15 kleef, kan alleen toegegee word indien alles wat daarin verhaal word, met 'n vooroordeel benader word. Dit is immers glad nie onseker dat daar 'n beroering in die gemeente van Antiochië was nie en dat Paulus en Barnabas afgevaardig is „naar de apostelen en ouderlingen, dus niet naar de gemeente te Jerusalem. Zij werden gezonden naar de ambtsdragers, die door het eene lidwoord als één college worden voor-

---

97). M. Bouwman: Voetius: over het gezag der Synoden p.116.

98). Vgl. Voetius: a.w. Pars. III. Lib. 1. Tract. III. Cp. II. 7. p.258. Ed. Rutgers.

99). Vgl. M. Bouwman: a.w. p.p. 120. e.v.

gesteld. Er staat ook niet dat Paulus het oordeel van de apostelen moet gaan vragen."[100] Voorts is dit duidelik dat die besluit wat geneem is op die vergadering te Jerusalem 'n besluit van die ampsdraers is. Nie alleen van die ampsdraers, die kerkraad dus, van die Jerusalemse kerk nie, maar ook het Paulus en Barnabas as ampsdraers van die Antiocheense kerk aan die besluit meegewerk. [101]

Bronkhorst neem aan dat nadat die beslissing deur die vergadering van ampsdraers geneem is, 'n vergadering met die gemeente gehou is, waarop die beslissing meegedeel is aan die gemeente en hul instemming daarmee betuig is.[102] Te Jerusalem het sake dus so verloop dat ná die aankoms van Paulus en Barnabas daar drie byeenkomste gehou is. Op die eerste was die apostels, ouderlinge en gemeente teenwoordig, terwyl Paulus en Barnabas verslag gedoen het oor die sendingwerk. Daarmee het die kwessie oor die besnydenis, wat in Antiochië beroering verwek het, aan die orde gekom. Daarna het, blykens vers 6, net die apostels en ouderlinge saam met Paulus en Barnabas (vers 12) vergader om tot 'n beslissing te kom. Met „die hele menigte" word in vers 12, kragtens die verband waarin die vers met die voorafgaande en volgende verse staan, die apostels en ouderlinge bedoel. „Maar zelfs indien daarmede de verzamelde gemeente bedoeld is, dan kan zij toch alleen

---

100). F.W. Grosheide: De Handelingen der Apostelen II. v. Bottenburg. p.20.

101). Vgl. ibid. p.22; M. Bouwman: a.w. p.139, voetnoot 1; A.J. Bronkhorst: a.w. p.131, hy beperk Paulus en Barnabas se medewerking tot beraadslaging alleen; H. Bouwman: a.w. II. p.189.

102). Vgl. A.J. Bronkhorst: a.w. p.128.

als toehoorders aanwezig zijn geweest. Dat blijkt uit vs. 22. Daar staat niet dat het aan de geheele gemeente goedgedacht heeft, maar dat het den apostelen en den ouderlingen met, di. in het bijzijn van (Grieksch zyn) de geheele gemeente goedgedacht heeft. Er word dus duidelijk onderscheid gemaakt. We willen niet te ver gaan, maar dit met zou kunnen doen denken aan wat wij gewoon zijn approbatie te noemen. (Grosheide)"[103)]

Dit is dus in elk geval nie onseker dat dit in Handelinge 15 gaan om 'n saak wat die plaaslike kerkraad nie kon oplos nie, en daarom afgevaardigdes na 'n ander kerkraad gestuur het om so tot 'n beslissing te kon kom nie. Dit is ook nie onseker dat op hierdie vergadering 'n besluit geneem is wat vir <u>alle</u> kerke bindend was nie.[104)]

Daarmee is ook aangetoon dat die opvatting van Jacobs, dat ons hier alleen met 'n besluit van die moedergemeente te Jerusalem te doen het, wat net 'n advies inhou om Paulus se werk onder die heidene te vergemaklik, in stryd is met die gegewens in Handelinge 15. Dit is nie die gemeente wat besluit nie - afgesien nog van die feit dat die Skrif nie aan Jarusalem as moederkerk 'n plek bo die ander kerke toeken nie - maar die ampsdraers,

---

103). M. Bouwman: a.w. p.139, Voetnoot 1. Vgl. A.J. Bronkhorst: a.w. p.p. 128 e.v.; F.W. Grosheide: a.w. p.p. 34/35 by verse 6 en 12. Vgl. ook Handelinge 16:4.

104). Vgl. Handelinge 15:23-29; 16:4.

insluitende Paulus en Barnabas.[105)]

In Handelinge 15 is dus wel nie direk sprake van meerdere vergaderings, classes of sinodes nie, ook nie van 'n bevel om sulke vergaderings in te stel nie; tog lê die beginsel vir die instelling van die vergaderings in hierdie Skrifgedeelte opgesluit. Ook word daar nie in die Nuwe Testament verder direk van die byeenkoms van sulke meerdere vergaderings gespreek nie. Maar die gereelde, noodsaaklike, byeenkoms in meerdere vergaderings kom uit die aard van die saak tydens die lewe van die apostels op die agtergrond te staan. Die kerk was nog in 'n staat van wording en daarby het die universele amp van die apostels nog bestaan. Die apostels het gedoen wat anders deur die meerdere vergaderings gedoen moet word. „Na het wegvallen van het apostolaat vereischte de eenheid der kerk het instituut der Synoden en haar gezagsoefening met gebiedende noodzakelijkheid."[106)] Die voorbeeld gestel in Handelinge 15 het gebly, en die herinnering daaraan bring die institueering van die meerdere vergaderings noodwendig mee, „zoo niet

---

105). Vgl. die nadruk wat in vers 28 gelê word op die amptelike besluit „Want die Heilige Gees en ons het besluit...." Vgl. verder Joh. Jansen: Het Tuchtrecht der Meerdere Vergaderingen. 1928. p.7. By die argument wat Greydanus en Jacobs voer uit Openbaringe 2 hoef nie stilgestaan te word nie, aangesien dit in Openbaringe 2 nie gaan om die kerkverband of die verpligtinge wat die een kerk teenoor 'n ander het nie; maar wel oor wat Christus persoonlik oor die toestand in elke gemeente self te sê het. Dit is rapporte van dié Kerkvisitator by uitnemendheid oor die inwendige toestand van elke kerk. Dit gaan in die briewe om die vraag of elke kerk 'n werklike ligdraer in die wêreld is. „Dat is de grote hoofdzaak in al deze brieven. Is zij trouw aan haar Heer in het midden der wereld?" Prof. Dr. William Hendriksen: Visioenen der Voleinding. Kok Kampen.1952. p.82.

106). M. Bouwman: a.w. p.147.

historisch dan toch principieel."[107] Die vergadering te Jerusalem was in beginsel reeds 'n meerdere vergadering. Al die wesenstrekke van 'n meerdere vergadering is daarin reeds aanwesig.

Dit verdien vermelding, hoewel dit seker nie as 'n onomstootbare bewys vir die goddelike reg van meerdere vergaderings kan geld nie, dat naas die steun op Handelinge 15 vir die positiewe goddelike reg vir die instelling van meerdere vergaderings, Voetius hom nog op Mattheüs 18:16-18, in aansluiting by Parker, beroep.[108] Die reg van hoër beroep wat deur Christus in Matt. 18 vir die enkele gelowige verorden word, geld ook vir die plaaslike kerk. Hier is wel net sprake van die sonde van 'n enkele broeder, maar dit is nie juis om die werking van die reël, deur Christus neergelê, net op die verhouding tussen enkele broeders en nie ook op die plaaslike kerke in hulle onderlinge verhouding toe te pas nie. Uit Mattheüs 18 moet afgelei word dat die plaaslike kerke ernstige gevalle wat hulle nie kan behartig nie, voor die meerdere vergaderings moet bring. Volgens M. Bouwman is dit ook die opvatting van Spanheim en Appolonius, en dan sê hy: „Deze argumenteering onzer oude theologen lijkt mij zakelijk juist."[109]

Die wyse waarop die woord „kerk" in die Nuwe Testament gebruik word, laat ook die klem val op sowel

---

107). A.J. Bronkhorst: a.w. p.135. vgl. Joh. Jansen: De Beginselen van ons Gereformeerd Kerkrecht in de Zaak Geelkerken. Christelijke Brochure Reeks „Ons Arsenaal." p.11.

108). Vgl. Voetius: a.w. Pars. III. Lib. I. Tract.III. Cp. II. 7. p.258. Ed. Rugters. Vgl. ook Joh.Jansen in Gereformeerd Theologisch Tydschrift, 23st. Jaargang. Aflewering 10.

109. M. Bouwman: a.w. p.134.

die kerk as plaaslik georganiseerde gemeenskap en as universele gemeenskap van gelowiges oor die ganse aarde.[110] Die universele kerk is die logiese, maar nie die historiese prius nie.[111] Daarom is die organisasie van die kerkverband noodwendig - dit vloei uit die wese van die kerk voort dat elke plaaslike kerk, wat die openbaring van die universele kerk is, aaneensluiting soek met alle ander openbaringe van dieselfde liggaam.

Die eenheid van die kerke onder Christus as Hoof en Koning kom dan tot uitdrukking in die organisasie van die kerkverband in meerdere vergaderings wat samekomste is van die plaaslike kerkrade. Daar kom dus geen „nuwe" kerk, saamgestel uit die plaaslike kerke, tevoorskyn nie. Maar die plaaslike kerke openbaar slegs hulle eenheid in Christus en onderwerp hulle gesamentlik aan sy regering deur die instelling van meerdere vergaderings, in navolging van die voorbeeld wat die apostels gegee het in Handelinge 15. Hier is dus geen sprake van die opheffing van die selfstandigheid van die plaaslike kerke of hulle versmelting in 'n nuwe institutêre grootheid nie.

Uit vrees vir die gevaar dat die plaaslike kerke se selfstandigheid in gedrang sal kom - 'n gevaar wat nooit denkbeeldig is nie, en veral in hulle tyd wesenlik was - het drr. A. Kuyper en F.L. Rutgers aanleiding gegee tot misverstand deur die wyse waarop hulle die selfstandigheid van die plaaslike kerk eensydig

---

110). Vgl. W.J. Snyman: a.w. p.p. 2, 3 en 6.

111). Vgl. H. Bavinck: a.w. IV. p.302.

[illegible]
noodsaaklikheid van die organisasie van die kerkverband [illegible]
meerdere vergaderings beklemtoon. Andersyds het hulle [illegible]
uitdrukkinge gebruik wat ander aanleiding gegee het tot [illegible]
ontwikkeling van beskouinge waarin hierdie goddelike reg
moes plek maak vir nuttigheidsoorweginge. Uitdrukkinge
soos: die kerkverband is alleen nodig vir die wel-wese
of gesteldheid van die kerk;[112] en dat die kerkverband
alleen tot stand kom „door vrijwillige confoederatie der
plaatselijke kerken zelve,"[113] het dan ook verwarring
gestig.

In die Geelkerken-saak, wat op die Sinode van die Nederlandse Gereformeerde kerke te Assen uitgeloop het op die skorsing en afsetting van dr. Geelkerken en enige kerkraadslede van Amsterdam-Suid, het onder andere dr. J. v. Lonkhuizen en prof. Van Apeldoorn die standpunt ingeneem dat die sinode wederregtelik gehandel het. Dit het alleen die advies aan die kerkraad van Amsterdam-Suid kon gee dat dr. Geelkerken behoort geskors en afgesit te word. En as die advies nie aanvaar is nie, was al weg wat nog oorgebly het dat die klassis Amsterdam moes verklaar dat Amsterdam-Suid die kerkverband verbreek het.[114] Vir hierdie standpunt het hulle hul beroep op dr. F.L. Rutgers.

As Joh. Jansen opkom vir die goeie reg van die sinodale optrede, beroep hy hom ook op Rutgers en argumenteer: „Dat de kerken, die met elkander in kerk-

---

112). Vgl. A. Kuyper: Tractaat. p.35. Ook H. Bavinck: a.w. IV. p.475.

113). A.F. de S. Lohman en F.L. Rutgers: a.w. 1886. p.95. Bylae II.

114). Vgl. Joh. Jansen: De Beginselen van ons Gereformeerd Kerkrecht in de Zaak Geelkerken. p.p.5,7,[illegible]. dr. J. van Lonkhuizen: Een ernstig fout, kon ek ongelukkig, selfs na veel moeite nie bekom nie. Vgl. egter van Lonkhuizen in Gereformeerd Teologisch Tijdschrift, Jaargang 38, p.517; Jaargang 40, p.470.

verband leven, echter reeds de uitoefening van de tucht over haar leden vrywillig onder toezicht der meerdere vergadering gesteld hebben door de bepaling in art. 76 en 77 K.O......"115) Dit gaan hier dus ook nie om 'n goddelike reg van eerdere vergaderings om met gesag op te tree nie, maar oor wat F.L. Bos noem 'n seggenskap wat alleen berus „op vrijwillige overdracht van de uitoefening van een deel van de bevoegdheid van die kerkeraden."116)

Enersyds word met 'n beroep op Rutgers aan die meerdere vergaderings 'n adviserende mag toegeken met die enigste gesag om te verklaar dat die kerkraad wat die advies nie aanneem nie, die kerkverband verbreek het. Andersyds, ook met 'n beroep op Rutgers, het die meerdere vergaderings alleen mag tot beslissing en gesag tot uitvoering daarvan kragtens die <u>vrywillige konfederasie</u>, waardeur die kerkverband tot stand gekom het.

Die punt waarom dit in die Geelkerken-saak dus gaan vir sowel die beswaardes teen as die verdedigers van die sinodale optrede, is die <u>vrywillige konfederasie</u> van die kerke in die kerkverband.

Ook Voetius beklemtoon die georganiseerde kerkverband as 'n vrywillige konfederasie van plaaslike kerke. Maar om te begryp wat hy daaronder verstaan, moet wat hy in die verband sê, gesien word in die lig van sy beskouing oor die plaaslike kerk self. Die sigbare of plaaslike kerk is vir Voetius 'n vereniging van gelowiges, wat vrywillig gesluit is tot onderlinge

---

115). ibid. p.47.

116). F.L. Bos: De Orde der Kerk. p.143.

mededeling van die dinge wat met die saligheid in verband staan.[117)]

H.G. Kleyn verwyt Voetius dat hy hier in stryd met die geloofsbelydenis die ontstaan van die plaaslike kerk in rewolusionêre sin van menslike willekeur afhanklik maak. „Elke plaatselijke kerk ontstaat door een foedus liberum, een vrijwillig verdrag van een aantal geloovigen. Dit strijdt met de leer der Geloofsbelijdenis. Ieder geloovige moet zich bij die plaatselijke kerk voegen. Waar nu zulk een bevel is, daar bestaat geene vrijheid."[118)] Kleyn kan hierdie verwyt maak alleen omdat hy die vrywilligheidsbeginsel uit verband ruk met wat Voetius verder in die opsig sê. As hy handel oor die Causae efficientes stel hy dit duidelik dat die vrywillige vereniging wel die naaste bewerkende oorsaak van die kerklike instituut is, maar die diepste en algemene grondslag daarvan is die goddelike beskikking en bevel.[119)] Die vrywilligheid sluit dus geen menslike willekeur in nie, maar is die gevolg van goddelike uitverkiesing en roeping. „Wie hom by die kerk voeg, hom daarby aansluit en daarmee verenig, doen 'n eie daad van gehoorsaamheid aan die goddelike bevel."[120)]

---

117). Vgl. Voetius: a.w. P rs. Prima. Lib I. Cp.1.1. p.14. ed. Rutgers. „Ecclesia visibilis seu instituta nobis describitur, societas fidelium libere inita ad exercendam communionem sanctum, seu ad communicationem mutuam eorum quae ad salutem pertinent."

118). H.G. Kleyn: Algemeene Kerk en Plaatselijke Gemeente. Bylae II. p.318.

119). Vgl. Voetius: a.w. Pars. Prima. Lib. I. Cp. I.4. p.17. Ed. Rutgers. Vgl. ook J.V. Coetzee: Geskiedenisversaking. Nas. Pers. Beperk, Kaapstad. 1947. p.p. 76. e.v.

120). J.V. Coetzee: a.w. p.78.

Dieselfde beginsel handhaaf Voetius ten opsigte van die kerkverband en die instelling van meerdere vergaderings. Die kerkverband kom in meerdere vergaderings sigbaar tot stand as 'n verbintenis van kerke wat vrywillig aangegaan is op goddelike bevel. „Klassikale of sinodale verband is 'n vasstaande saamvoeging van meerdere kerke onder 'n vaste regering en verband tot onderlinge opbouing en bewaring."121)

Die kerkverband rus egter nie net op die grondslag van vrywillige saamvoeging tot onderlinge opbouing en bewaring nie. Dit rus eerstens op 'n goddelike bevel. Die onderlinge bewilliging van die kerke tot die vorming van die kerkverband is nie 'n willekeurige daad nie. Dit hang nie van die kerke af of hulle die kerkverband sal aangaan of nie. Die bewilliging is drang van Godsweë; gehoorsame onderwerping aan sy wil. Die kerkverband, soos georganiseer in meerdere vergaderings, kan dus nie van sekondêre belang beskou word nie. Dit is geen losse federasie van kerke waarin bloot 'n vrywillige oordrag van bevoegdhede aan meerdere vergaderings deur die kerkrade plaasvind nie. Dit kom nie tot stand uit utiliteitsoorweginge en op so 'n wyse dat die plaaslike kerk feitlik net op die advies van die meerdere vergaderings aangewys is nie. „Die grondslag is tweërlei, te wete die primêre en sekondêre van die institueering. Eersgenoemde is die goddelike reg aan ons geopenbaar in die voorbeelde van die apostoliese kerkregering, Hand. 15; 2 Kor. 8 (waaroor hieronder). Laasgenoemde is die onderlinge bewilliging

---

121). Voetius: a.w. Pars. III. Lib. I. Tract. III. Cp. II. 2. ed. Rutgers. p.250. Vertaling: J.V. Coetzee: a.w. p.78. Voetnoot 2. „Classicalis seu synodalis correspondentia est stata combinatio plurium Ecclesiarum subcerto regimine a correspondentia ad mutuam aedificationem & conservationem."

van die kerke tot sodanige verband en konfederasie, uit verpligting tot onderlinge gemeenskaplike opbouing en nie uit verpligting tot betoning van onderworpenheid nie."[122)]

Die kerkverband rus dus geensins op losse voet nie. Die vrywillige grondslag van die kerkverband impliseer nie dat die plaaslike kerke outonoom is in die sin dat dit hulle vrystaan om die kerkverband aan te gaan en hulle aan die meerdere vergaderings te onderwerp, of nie. Dit hou nie in dat, soos Kuyper beweer, die kerkverband sekondêr is nie.[123)] Beide die instituering van die plaaslike kerk en die instituering van die kerkverband in meerdere vergaderings is primêr; dit is goddelike bevel. „Soos met die gelowiges, so ook met die gemeentes. Soos die gelowiges hulle moet verbind tot 'n gemeente, so moet die gemeentes hulle verenig in kerkverband. Egter nie om een te word nie, maar omdat hulle een is."[124)]

Daar kom egter nie 'n nuwe kerk deur die saamvoeging van die plaaslike kerke tot stand nie. Die selfstandigheid van die plaaslike kerke word nie opgehef deur die organisasie van die kerkverband in meerdere

---

122). Voetius: a.w. pars. III. Lib. I. Tract. III. Cp. II. 2 II. Ed. Rutgers. p.250. Vertaling: J.V. Coetzee: a.w. p.79. „Fundamentum est geminum, institutionis scil. primae, & secundae. Illud est jus divinum, revelatum nobis in regulis & Exemplis politiae Ecclesiasticae Apostolicae, Actor 15. 2 Cor. 8 (de quo infra): Istud est, consus mutuus Ecclesiarum ad talem correspondentiam & Confoederationem, ex debito mutuae societatis calendae, non ex de bito inferioris conditionis ad praestandum absequium."

123). A. Kuyper: Tractaat. p.34.

124). W.J. Snyman: a.w. p.14. (Kursivering van my). Vgl. ook H. Bavinck: a.w. IV. p.409.

vergaderings nie. Die onderlinge verhouding tussen die kerke in kerkverband is dié van gelykes; elke kerk in die verband is immers 'n openbaring van dieselfde liggaam van Christus. Daar is dus gelykheid in die onderlinge verhouding in elke opsig, soos daar gelykheid onder die individuele lede van die plaaslike kerke is.[125] Die plaaslike kerke word nie as dele in die groot geheel opgelos nie.

Die kerkverband vorm nie 'n korporatiewe eenheid, in die sin dat één groot liggaam ontstaan deur die ineensmelting van 'n veelheid van kleiner liggame nie.

M. Bouwman stel uit die name wat Voetius vir die sinodale verbinding van die kerke gebruik, vas dat die kerkverband wel 'n kerkregtelike korporatiewe eenheid is. „Deze namen wijzen m.i. beslist in de richting dat hij het geheel der synodaal verbonden kerken opvat als een kerkrechtelijke, Corporatieve eenheid, zooals ook de plaatselijke kerk een eenheid is in institutairen zin."[126] Dan is dit volgens Voetius ook juis om te spreek van 'n klassikale, provinsiale en nasionale kerk, en van die plaaslike kerke as dele of afdelinge van die klassiakale, provinsiale of nasionale kerk.[127] Bouwman laat egter na om nader te verklaar wat Voetius presies onder hierdie korporatiewe eenheid verstaan. Hy sê wel dat vir Voetius die kerke dele is van 'n groter geheel, dat hulle lede is van die een liggaam wat deur

---

125). Vgl. Voetius: a.w. Pars. I. Tract. I. Liber I. Cp. I. Ed. Rugters. p.21; M. Bouwman: a.w. p.p. 65 e.v.

126). M. Bouwman: a.w. p.71.

127). Vgl. M. Bouwman: a.w. p.72.

klassikale of sinodale verband tot stand gekom het. „Ook bezigt hij de uitdrukking de verbinding of vereeniging der kerken in een zynodaal lichaam....;"[128)] maar hy versuim om aan te dui wat volgens Voetius presies onder die inkorporasie van die kerke in die klassis of sinode verstaan moet word. Vandaar dat sy stelling vatbaar is vir misverstand en dat O'B. Geldenhuys[129)] en Oberholster[130)] hulle, op sy gesag beroep op Voetius vir die regverdiging van die één-kerk-idee.

As ons let op die beklemtoning van die selfstandigheid van die plaaslike kerk deur Voetius, kan die korporatiewe eenheid waarvan hy spreek nie in die sin geneem word dat verskillende corpora omskep word tot een nuwe corpus nie. Wanneer hy spreek van Concorporatio of incorporatio word die aard daarvan tog bepaal deur die karkater van die corpora wat daarin opgeneem word. Verskillende hope sand kan byvoorbeeld tot één gemaak word. D n hou die concorporatio of incorporatio van die verskillende hope in 'n groter geheel in dat elke hoop geheel verdwyn in die nuwe groter hoop. Uit die voorbeeld, wat Bouwman self aanhaal, wat Voetius gebruik om die eenheid wat deur die kerkverband tot uitdrukking kom, blyk dit reeds dat hy nie bogemelde eenheid bedoel nie. Hy vergelyk naamlik die eenheid van die gesamentlike kerke met „die van de ridderschap en steden die samen de Staten van Holland vormen, en met de eenheid van de Republiek der Vereenigde Nederlanden."[131)] Maar, hoe

128). ibid. p.73.

129). Vgl. O'B. Geldenhuys: a.w. p.p. 150. e.v.

130). Vgl. J.A.S. Oberholster: Die Gereformeerde Kerke onder die kruis in Suid-Afrika. Kaapstad-Pretoria. 1956. p.91.

131). M. Bouwman: a.w. p.74.

innig die vereniging ook al was, die ridderskappe, stede en state het in die verskillende verbindinge nog altyd hulle selfstandigheid behou. Die konklusie van Bouwman „dat volgens Voetius het geheel der Synodaal verbonden kerken ecclesia instituta is;"[132] gee dan, gesien die betekenis van ecclesia instituta as instituut vir die bediening van die Woord (dit is die prediking) en die sakramente, die gedagte van Voetius seker nie juis weer nie. Want uit hierdie konklusie kan afgelei word dat Voetius leer dat die verskillende kerke in die kerkverband saamgesmelt word tot een groot nuwe instituut wat die selfstandigheid van die plaaslike kerke ophef. Die verskillende hope sand het nou één groot hoop geword.

Met concorporatio of incorporatio kan egter ook 'n ander soort eenheid uitgedruk word. Waar verskillende hope sand tot één versmelt word deur vereniging, met die opheffing van die selfstandigheid van elke hoop, kan verskillende mense tog nie deur saamvoeging één mens word nie! Hoe innig die band tussen die mense wat saamgevoeg is ook al is, die korporasie wat so tot stand kom, hef nie die selfstandigheid van die corpora wat daarin opgeneem is op nie. Hier is geen sprake van 'n versmelting van corpora tot 'n nuwe corpus nie.

Die korporatiewe eenheid van die kerke in die kerkverband, waarvan Voetius spreek, kan dan nie anders opgeneem word as 'n saamvoeging van selfstandige corpora om as sodanig tot 'n eenheidsoptrede te kom nie.

Geestelik is die kerke één in Christus. Sigbaar is elkeen 'n openbaring van die één liggaam van Christus, en as openbaringe van dieselfde liggaam

---

132). ibid. p.74.

verenig hulle hul onder die één Hoof, Christus, as gelykes wat gesamentlik die wil van die Hoof naspeur en op mekaar ag gee tot gehoorsaamheid aan Hom. „De H. Schrift leert dat de onderscheidene kerken elkander moeten helpen en dienen,....“[133])

Deur die kerkverband ontstaan dus wel 'n institutêre verband tussen die plaaslik geïnstitueerde kerke;[134]) maar dit is nog geen nuwe kerk wat geïnstitueer word nie. Wanneer dan naas die plaaslike kerk, van die provinsiale of nasionale kerk gespreek word, word daarmee bedoel „een zeker aantal plaatselijke kerken, welke door dezelfde kerkregering tot één zichtbaar kerkelijk lichaam zijn vereenigd.“[135]) Die woord kerk word dan nie in eintlike sin gebruik nie. Dit is nie die gelowiges in die streek of land wat georganiseer word in een liggaam met onderafdelings nie. Die vereniging in een kerklike liggaam sien op die vereniging van <u>kerkrade</u> in een meerdere vergadering, met die oog op die kerkregering. Die liggaam of corpus waarvan dan sprake is, is nie die liggaam van Christus, die kerk, wat deur die Gees en Woord vergader, onderhou en bewaar word nie, maar wel 'n liggaam wat saamgestel is uit organe van Christus, die Koning, waardeur Hy Sy kerk regeer. Die sigbare eenheid wat so deur die kerkverband tot stand kom, is 'n eenheid tussen selfstandig geïnstitueerde kerke, wat kragtens hulle eenheid in Christus onderworpe is aan dieselfde regering. En om hierdie regering in die Naam van Christus in elke kerk na behore waar te neem, is die kerkrade op mekaar aangewys en moet hulle saamkom in meerdere vergaderings.

---

133). H. Bouwman: a.w. II. p.11.

134). Vgl. A. Kuyper: Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid III. p.228.

135). D. Nauta: a.w. p.23.

4. Meerdere vergaderings saamgestel uit kerkrade:

H. Bouwman sê van die meerdere vergaderings; „Ook kunnen de classicale en de synodale vergaderingen een kerk genoemd worden, echter niet, zooals Voetius opmerkt, in eigenlijke zin, „maar tropisch, omdat zij de kerken vertegenwoordigen en vergaderd zijn en handelen in de vergadering als een enkele kerk." In letterlijke zin zouden de kerken als eenheid tegenwoordig zijn op de synode, wanneer al de leden van al de kerken ter vergadering samenkwamen."136) As hierdie stelling egter as juis aanvaar word, meen dit dat meerdere vergaderings niks anders is as liggame wat die gelowiges representeer om sodoende uitdrukking te gee aan die eenheid van die kerk, waar dit prakties nie moontlik is om al die gelowiges in 'n streek of land as een sigbare liggaam te organiseer nie. Maar dan kry die meerdere vergaderings 'n heel eienaardige karakter. Enersyds kom die vraag op of sulke meerdere vergaderings nog as regeerliggame beskou moet word en of elkeen nie alleen as 'n soort ekklesia contracta gesien moet word nie. Andersyds, as dit wel regeerliggame is, moet die kollegialiste en independente gelyk gegee word daarin dat die gemeente homself regeer wat óf hulle gesag aan die ampsdraers oorgedra het óf aan die ampsdraers die uitvoering van hulle wil opdra. Dan meen dit verder dat die meerdere vergaderings in kollegialistiese sin bestuurskolleges is bo die kerkraad, of bloot adviserende liggame in independentiese sin.

Met hierdie stelling skep H. Bouwman verwarring omdat hy nie die onderskeid tussen die vergadering van die gelowiges wat regeer word en die kerkraad wat regeer,

---

136). H. Bouwman: a.w. II. p.16. Vgl. p.128.
(Kursivering van my)

210/..........

genoegsaam in die oog hou nie. Dat die verwarring hieruit spruit, kom duidelik aan die lig as hy die verteenwoordiging van die wêreldlike owerheid deur gesante op 'n gelyke voet stel met die verteenwoordiging van die gemeente deur deputate op 'n meerdere vergadering.[137)] Die vergelyking gee egter nie 'n ware beeld van die werklikheid nie. Immers, aan die een kant word die owerheid, die regeerders, verteenwoordig en aan die ander kant die gemeente, die wat regeer word. Om konsekwent te wees, moes hy óf die gesante as dié van die volk teenoor die deputate van die gemeente gestel het, óf dié gesante van die owerheid teenoor die deputate van die kerkraad.

Om die verwarring uit te skakel en om die prinsipiële lyne duideliker te kan trek, is dit meer juis om van meerdere vergaderings te spreek as samekomste van meer kerkrade, in plaas van soos Bouwman en ander dit gewoonlik stel: „De meerdere vergaderingen zijn samenkomsten van meerdere kerken."[138)] Dit is ook meer in ooreenstemming met wat die gereformeerdes altyd in gedagte gehad het, soos dit blyk uit die Kerkordes.[139)] Daar word wel in „Die Kerkorde van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika", artikel 41, gespreek van „Klassikale vergaderings" wat sal bestaan uit „naburige kerke", maar die naburige kerke word dadelik gekwalifiseer as naburige kerkrade deur die bepaling dat 'n „Dienaar en ouderling" afgevaardig moet word. Dat hierdie konklusie in ooreenstemming is met die algemene interpretasie van die

---

137). Vgl. H. Bouwman: a.w. II. p.17.

138). H. Bouwman: a.w. II. p.17.

139). Vgl. o.a. F.L. Rutgers: Acta van de Nederlandsche Synoden der Zestiende eeuw. p.242. Cap. II. artt. 11, 12. Die Kerkorde van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika; uitgegee in opdrag van die Sinode van 1945; art. 41.

kerk-orde, blyk ook uit die „Konseplasbrief vir afvaardiging na die Klassis" waarin dit duidelik is dat die kerkrade uit hulle midde moet afvaardig. „Die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk van ..... het.... afgevaardig ..... dienaar van die Woord,..... die broeder ouderling....."140) H. Bouwman spreek dan ook wel van die kerke wat afvaardig en wat verteenwoordig word in die meerdere vergadering, maar wissel kerk af met kerkraad. „De oude regel was dus, dat elke kerk........ op de classicale vergadering vertegenwoordigd wordt....... Telkemale werden de kerkenraden vermaand, om op classen en de synoden zich ook door ouderlingen te laten vertegenwoordigen."141)

Dat 'n meerdere vergadering saamgestel word uit kerkrade of ampsdraers as afgevaardigdes van kerkrade is duidelik uit Handelinge 15. Uit verse 6 en 12 kom aan die lig dat die vergadering te Jerusalem uit die ampsdraers, dus die kerkraad, van Jerusalem en die afgevaardigde ampsdraers uit Antiochië saamgestel is. Die vraag kan egter opgewerp word wie die hulle in vers 2 is wat „Paulus en Barnabas en nog 'n paar ander van hulle" afgevaardig het. Die eksegete is die eens dat met die hulle die kerk van Antiochië bedoel word. Daarmee is dit egter nog nie 'n uitgemaakte saak dat die gemeentelede self die beslissing geneem en Paulus, Barnabas en ander afgevaardig het nie. Immers, uit Handelinge 14:23 blyk dit dat op elke plek waar die kerk tot

---

140). Die Kerkorde van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika. p.105. Vgl. Joh. Jansen: Korte Verklaring van de Kerkorde der Gereformeerde Kerken. Derde druk. 1952. p.189.

141). H. Bouwman: a.w. II. p.133. Vgl. ook p.137, waar hy aanhaal uit 'n rapport wat o.a. ook deur Antonius Walaeus onderteken is: „Immers „de leden der classicale vergadering zijn de kerkeraden, en niet eigenlijk de kerkelijke personen, die in de classis niet ander zijn dan leden van een lid." (Kursivering van my).

openbaring gekom het, ouderlinge gekies is. En alhoewel dit nie beklemtoon word in Handelinge 15 nie, is dit vanselfsprekend dat daar in Antiochië ook 'n kerkraad was wat die kerkregering in hande gehad het, net soos in Jerusalem en elders. Dit kan dus aangeneem word dat die beslissing tot afvaardiging en die afvaardiging self deur en uit die Kerkraad van Antiochië gedoen is met goedkeuring van die gemeente. (vers 3).

Die stelling van H. Bouwman: „wanneer wij letten op het karakter eener classicale vergadering als eene vergadering van kerken, zou de kerkeraad zich ook wel op eene classis kunnen doen vertegenwoordigen door een lid der gemeente, die geen kerkeraadslid is,"[142] moet dan as strydig met die Skrifgegewens, sowel as die Kerkordes van die Nederlandse Gereformeerde kerke vanaf 157. en van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika, aangemerk word. Die regering van die kerk berus by die kerkraad

---

142). H. Bouwman: a.w. II. p.135. Met hierdie beskouing sluit hy aan by Voetius wat die algemene opvatting van gereformeerde teoloë vertolk, volgens M. Bouwman. Vgl. a.w. p.88. Hierdie opvatting rus op 'n eksegese van Handelinge 15:2, waarvolgens dié wat saam met Paulus en Barnabas afgevaardig is, nie ampsdraers sou wees nie. Hierdie eksegese doen egter nie reg aan die reël dat 'n Skrifgedeelte verklaar moet word in die lig van die verband wat daaraan voorafgaan en wat daarop volg nie. Ook laat dit nie reg geskied aan die ander gegewens in die Nuwe Testament aangaande die kerkregering nie. Alle Nieu-Testamentiese gegewens dui tog daarop dat die kerkregering in die hande van die kerkraad was. Die rede waarom die weg, ná die Reformasie, oopgelaat is dat „laici naar de synode kunnen worden gedeputeerd." (M. Bouwman: a.w. p.88) lê waarskynlik in die verhouding tussen kerk en staat. Die kerk wou die goedgesinde owerheid nie aanstoot gee nie en waar die owerheid hulle ook nie in kerklike sake afsydig gehou het nie, moes daar 'n deur oopgelaat word. M. Bouwman dink seker ook in die rigting blykens a.w.; voetnoot 2. p.88. „Zoo hielden de Gereformeerden principieël de mogenlijkheid open om naar de synoden personae illustres af te vaardigen ook al bekleeden zij geen kerkelijk ambt." 'n Verdere rede moet seker ook gesoek word in die reaksie teen die Roomse hiërargie. Alle nadruk word nou alleen op die afvaardiging gelê om te verseker dat die persoonlike waardigheid van die ampsdraer nie op die voorgrond kom nie.

en as die kerkrade van meer kerke bymekaar kom met die oog op die kerkregering, kan hulle alleen verteenwoordig word deur <u>ampsdraers</u>; lede van die kerkrade wat afvaardig.

Die meerdere vergaderings word dus op tweërlei wyse gekenmerk, naamlik deurdat dit saamgestel word uit afgevaardigdes van kerkrade en dat die afgevaardigdes ampsdraers, lede van die kerkrade is. Ook Voetius lê nadruk op die afvaardiging of delegasie, sowel as op die amp van die afgevaardigdes,[143] terwyl hy tog 'n deur oophou vir die uitsonderlike afvaardiging van „laici."[144]

Die afvaardiging as kenmerk vir die samestelling van die meerdere vergaderings verseker dat die vergaderings heeltemal iets anders is as die Roomse hiërargiese kolleges, waarin die lede net sitting neem kragtens hulle persoonlike waardigheid. „Want - aldus Voetius - zij die uit de dienaren en ouderlingen gedelegeerd worden door de particuliere kerken om in de classisvergadering en dan ook in de synoden samen te komen, en dat wel voor dien tijd, waarin de synode gehouden wordt, die blijven toch gewone dienaren en ouderlingen ieder in zijn eigen kerkeraad, en zijn door geen enkele ander kerkelijke waardigheid of ambt boven hun broeder en collega's verheven."[145]

Die meerdere vergadering staan dus nie los van of verhewe bo die kerkraad as 'n nuwe regeerliggaam nie. 'n Meerdere vergadering word deur die samestelling

---

143). Vgl. Voetius: a.w. Pars. III. Lib. I. Cp.II. 3. III. 2. p.p. 253/4. Ed. Rutgers. M. Bouwman: a.w. p.p. 86. e.v.

144). Vgl. M. Bouwman: a.w. p.88.

145). ibid. p.89.

214/.........

uit afgevaardigdes van die kerkrade gekwalifiseer as 'n vergadering van meer kerkrade. Dit gaan dus nie hier om 'n hoër vergadering wat die kerkrade in hiërargiese sin oorkoepel nie. Dit is 'n meerdere vergadering in die sin van meer omvattend, meer uitgebreid. „Een classis is dus geen bestuurscollege van personen, die hiërarchies boven de kerken staan, maar een ambtelijke samenkomst van de genabuurde kerken zelve tot een onderlinge hulp en steun."[146)]

Naas die afvaardiging deur die kerkrade is die amp ook van fundamentele betekenis vir die samestelling van die meerdere vergaderings.

Christus regeer sy kerk deur die ouderlingamp. Omdat hulle dieselfde opdrag van dieselfde Here het, word die ouderlinge saamgevoeg tot 'n kerkraad om hulle opdrag te kan uitvoer. Die kerkregering berus so by die kerkraad en nie by die afsonderlike ampsdraers wat elkeen na eie goeddunke handel nie. Maar aan die ander kant is die kerkraad se bevoegdheid om die kerk te regeer, alleen daarin geleë dat dit 'n liggaam saamgestel uit ouderlinge, uit ampsdraers, is. Die kerkraad kan nie willekeurig saamgestel word uit enige persone, hoe voortreflik hulle ook andersins mag wees, nie. Aan die samestelling van die kerkraad gaan die roeping tot en instelling in die amp deur Christus vooraf. Sonder die ouderlingamp is die bestaan van die kerkraad onmoontlik.

Hierdie beginsel moet ook vasgehou word in die samestelling van meerdere vergaderings. „Immers het zijn de ambtsdragers die hun recht om te bevelen voor de plaatselijke kerk uitoefenen in den kerkeraad, en

---

146). Joh. Jansen: Korte verklaring van de Kerkorde. Derde druk. p.188.

voor het geheel der kerken in de meerdere vergadering."[147]

Die beginsel dat meerdere vergaderings ook vergaderings van ampsdraers is, mag egter nie losgemaak word van die beginsel dat die meerdere vergaderings, vergaderings van afgevaardigdes is nie. Met ander woorde, dié vergaderings as vergaderings van ampsdraers word nader gekwalifiseer as vergaderings van ampsdraers wat afgevaardig is deur die kerkrade om hulle te verteenwoordig. Daarom verskyn hulle met lasbriewe en instruksies. Tereg sê H. Bouwman: „De kerkeraad kan wel bestaan zonder de meerdere vergadering, doch de meerdere vergadering niet zonder den kerkeraad."[148]

M. Bouwman betwis die juistheid van die stelling en beroep hom op Voetius. Nadat hy aangetoon het dat volgens Voetius die teëstelling tussen die presbiteriale en episcopaalse kerkregeringstelsels formeel daarin geleë is dat, in eersgenoemde stelsel, meer ampsdraers met gelyke mag die kerkregering uitoefen; konkludeer hy: „De kerkeraad is dus geen absoluut vereischte voor de essentie der gereformeerde kerkregering."[149] Hy wys voorts daarop dat Voetius dit wel nie as 'n ideale toestand beskou as daar êrens 'n dienaar van die Woord is, maar geen regeerouderlinge nie. Tog, al is daar nog geen kerkraad ingestel nie, sal so 'n dienaar van die Woord ampshalwe sitting kan neem in die klassis. „Ook hier zou immers de persona delegans samenvallen met de persona delegata. Zulk een predikant komt uitsluitend ambtshalve ter classis."[150] Hy gaan

---

147). M. Bouwman: a.w. p.95.

148). H. Bouwman: a.w. II. p.18.

149). M. Bouwman: a.w. p.93.

150). ibid. p.94.

nog verder: „Zelfs indien in een heele provincie geen regeerouderlingen zouden zijn, en bijgevolg zelfs alle kerkraden zouden ontbreken, zou nog aldaar volgens Voetius wezenlijk die gereformeerde kerkregeering gevonden worden; indien de dienaren des Woords, samenkomend in classes en synoden, deze kerken slechts gezamentlijk regeeren. Voor het wezen der gereformeerde kerkregering is dus de kerkeraad niet absoluut noodzakelijk, a fortiori is dan ook de kerkeraad voor het wezen der plaatselijke kerk niet noodzakelijk."[151]

Met hierdie konklusies van Bouwman kan nie saamgestem word nie. Enersyds lei hy veel meer af as wat geregverdig is, van wat Voetius as moontlik beskou in gevalle van nood. Andersyds, al sou Voetius aanleiding tot misverstand gee deur die oorbeklemtoning van die essensiële vereiste dat die ampsdraers die kerkregering gesamentlik moet uitoefen, doen dit nog niks af aan die feit dat die Nuwe Testament geen plaaslik geïnstitueerde kerk sonder kerkraad ken nie.[152] 'n Kerk wat net 'n bedienaar van die Woord het, is nie behoorlik geïnstitueer nie. Eers as al die ampte en so die kerkraad ingestel is, kan die kerkregering behoorlik uitgeoefen word. Tereg verklaar Schokking: „Geen Kerk zonder kerkeraad - geen kerkeraad zonder kerk."[153] Eers deur die instelling van 'n kerkraad word die gemeente 'n selfstandige sigbare openbaring van die liggaam van Christus.

---

151). ibid. p.93. (Kursivering van my).

152). Vgl. o.a. Handelinge 14:23; 15:6; 20, 17, 28. Fil. 1:1, 1 Tim. 4:14; Titus 1:5.

153). H. Schokking: De Leertucht in de Gereformeerde Kerk van Nederland tusschen 1570 en 1620. Amsterdam 1902. p.14.

Die amp is van wesenlike betekenis vir die samestelling van meerdere vergaderings, maar dit mag nie losgemaak word van die afvaardiging deur kerkrade nie. Meerdere vergaderings kan alleen saamgestel word uit afgevaardigde ampsdraers van kerkrade van plaaslike kerke. Selfs as die praktyk die sogenaamde „getrapte-afvaardiging" noodsaak, verander dit aan die beginsel nog niks. As die Klassis byvoorbeeld afvaardig na die Partikuliere Sinode, is dit nog die kerkrade wat gesamentlik ampsdraers, verbonde aan plaaslike kerkrade, afvaardig.

As beide die afvaardigings- en ampskarakter van die meerdere vergaderings so in die oog gehou word, sal die selfstandigheid van sowel die kerkrade as dié van die ampsdraers as gesante van Christus, behoue bly.

5. Die gesag van meerdere vergaderings:

Meerdere vergaderings vervang, of troon nie bo, die kerkrade nie. Die kerkrade kom nie saam om hulle gesag oor te dra aan 'n hoër liggaam nie. Die kerkrade kom in meerdere vergaderings saam om in staat te wees om die opdrag van Christus aan elkeen van hulle in eenstemmig gehoorsaamheid uit te voer. „Elke plaatselijke kerk is zelfstandig en heeft het recht orde en regel te stellen voor eigen gemeente. Maar wijl de kerken één zijn in Christus, haar Hoofd en Koning, zijn zij ook gebonden, in onderwerping aan 's Heeren Woord de eenheid des geloofs met andere kerken te zoeken en te bewaren, en naar de orde door haar gemeenschappelijk gesteld mede te werken tot de handhaving van het recht Gods en den opbouw van de gemeente."[154]) Die instelling van meerdere vergaderings beantwoord so aan die doel waarvoor

---

154). H. Bouwman: a.w. II. p.188.

Christus die kerkrade oor die gemeentes gestel het. Die regering is aan die kerkrade toevertrou tot opbouing van die kerk. En die enigste manier om die kerk op te bou, is „dat die dienaars zelf hun best doen om voor Christus zijn gezag te bewaren, dat niet anders ongeschonden kan blijven, dan wanneer Hem gelaten wordt wat Hij van den Vader ontvangen heeft, namelijk dat Hij de enige Meester der kerk zij."155) Grondliggend gaan dit dus by die instelling van die meerdere vergaderings ook net om die gesag van Christus in die kerk, om die handhawing van Sy Koningskap. Net soos die ampsdraers in die plaaslike kerk in die kerkraad saamgevoeg is om die gesag van Christus uit te oefen, so is die kerkrade in meerdere vergaderings saamgevoeg om 'n gesamentlike oordeel te fel oor wat Hy eis vir die gedrag in die kerk en hoe om toe te sien dat na Sy eise gelewe word.156)

In die kerkregering gaan dit tog daarom dat geweet word „hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid."157)

---

155). Calvyn: a.w. IV. VIII. 1. p.163.

156). Vgl. H. Bouwman: a.w. II. p.65.

157). 1 Tim. 3:15. Die woorde van Paulus word dan nie net geneem met betrekking tot wat direk vooraf gaan nie. Die onbepaalde „iemand" wys daarop dat die apostel nou nie net die ampsdraers, oor wie hy gespreek het in die voorafgaande verse, in die oog het nie, maar ook die lidmate van die gemeente. Die vers slaan dan terug op alles wat vooraf gegaan het, insluitende hoofstukke 1 en 2.

Die opdrag om te bepaal hoe die gedrag in die huis van God moet wees en om toe te sien dat dit nagekom word, lê so 'n onsettende verantwoordelikheid op die kerkraad dat dit vanselfsprekend 'n behoefte is om ander wat dieselfde opdrag het, daarin te ken. En dit is blykens Handelinge 15 dan ook 'n behoefte wat deur die Heilige Gees by die kerkrade gewek word en uit die wese van die kerk as liggaam van Christus voortvloei. Daarby sluit ook aan wat Paulus sê met betrekking tot die profete: „Laat twee of drie profete spreek en die ander dit beoordeel."[158) ] Calvyn wys daarop dat dit in hierdie woorde van Paulus gaan om die wering van 'n sondige menslike heerskappy. Daar moet beoordeel word of wat as Woord van God voorgehou word, inderdaad die Woord van God is en nie 'n mensewoord nie. „Want zo heeft hij niemand gespaard, maar een ieders gezag aan de beoordeling van Gods Woord onderworpen."[159)] Dit moet ook toegepas word op die kerkrade. Die meerdere vergaderings is ingestel om die kerkrade by te staan en op te skerp tot gehoorsaamheid van Christus.[160)]

Hieruit konkludeer ons dat die meerdere vergaderings eerstens 'n leergesag het. Dit moet die „waarheid", waarvan elke plaaslike kerk pilaar en grondslag is, ooreenkomstig die Heilige Skrif saamvat in 'n gemeenskaplike belydenis. Die uitdrukking van wat Christus as reël vir die geloof stel, vervat in die Heilige Skrif, deur die belydenis is meteens die uitdrukking van die geestelike eenheid van die kerke, waarop die instelling van die meerdere vergaderings rus as gebod van God. Daarom word die belydenis ook genoem „akkoord van kerklike

---

158). 1 Kor. 14:29.

159). Calvyn: a.w. IV. VIII. 9. p.172.

160). Vgl. M. Bouwman: a.w. p.p. 193/4.

220/......

gemeenskap."[161] Sonder eenheid in belydenis is daar geen organisasie van die kerkverband moontlik nie, omdat daar dan wesenlik geen kerkverband is nie. Met die vasstelling van die belydenis word uitdrukking gegee aan die eenheid in Christus wat reeds bestaan.

As die gemeenskaplik aanvaarde waarheid uitgedruk is in die belydenis deur die kerkrade in meerdere vergaderings, volg daaruit dat hulle ook gesamentlik moet vasstel hoe Christus hierdie waarheid in die kerke wil tuisbring en lewendig hou, sowel as hoe om dit te handhaaf. Die meerdere vergaderings stel dan ook die liturgie en Kerkorde vas. Die leermag van die meerdere vergaderings sluit so meer in as net die uitdrukking van die waarheid in die belydenis. Dit sluit ook in die vasstelling van die wyse waarop Christus die waarheid wil tuisbring en handhaaf in elke kerk. "Haar bevoegdheid hangt samen met haar bestemming om een pilaar en vastigheid der waarheid te zijn; om de waarheid, die zij, gelooft, te belijden en als belijdenis te handhaven...."[162]

Waar die kerkrade op mekaar aangewys is vir die uitdrukking van die Waarheid en die wyse waarop dit in elke kerk tuisgebring en gehandhaaf moet word sodat elke kerkraad sy roeping as orgaan van Christus kan vervul, volg daaruit nog dat kerkrade in alle voorkomende moeilikhede hulle na die meerdere vergaderings om hulp moet wend. As regeerders van die openbaringe van dieselfde liggaam van Christus het die een die ander nodig en kan die kerkraad enersyds die hulp, in geval van onmag om die plaaslike kerk na behore te

---

161). Vgl. J.V. Coetzee: Geskiedenisversaking. p.p. 26. e.v., H. Bouwman: a.w. II. p.13.

162). H. Bouwman: a.w. II. p.31.

regeer, van die meerdere vergaderings inroep sonder om sy selfstandigheid prys te gee. Andersyds moet die kerkrade op mekaar toesig hou in die uitvoering van hulle roeping en moet die kerkrade ingryp waar daar wanbestuur is. Die leermag sluit dus ook tugmag in.

Dit beteken egter nie dat die een bo die ander verhef word nie. Die liefde tot Christus lê die dwang op die kerkrade om mekaar as gelykes te bemoedig, te vermaan en te bestraf, na dit nodig is, tot meerdere gehoorsaamheid aan Hom en tot opbou van die kerke.[163)]

Die plek wat die kerkverband, soos georganiseer in die meerdere vergaderings, ten opsigte van die kerkregering inneem, verskil dus geheel en al met die wat die kerkraad inneem. Die kerkraad se gesag word nie in die minste deur dié van die meerdere vergaderings aangetas nie. Die kerkraad bly die liggaam waardeur elke kerk regeer word, terwyl die meerdere vergaderings daartoe dien dat die kerkrade hulle roeping in eenparige gehoorsaamheid aan Christus vervul. „This government of churches by classes doth not deprive particular churches and congregations of their liberty and power, but serves to direct and strengthen them in the right use and exercise of their power."[164)] Die kerkraad het in die regering direk met die gelowiges te doen, terwyl die meerdere vergaderings met die kerkrade te doen het.

Die meerdere vergaderings is vergaderings van

---

163). Vgl. Voetius: a.w. Pars. III. Lib. I. Tract. III. Cp. II. 2. V. p.p. 250/1. Ed. Rutgers.

164). M. Bouwman: a.w. p.179. Aanhaling uit Paget: A Defence, p.30. Vgl. H. Bouwman: a.w. II. p.17. "De Kerkeraad is de eenige kerkelijke vergadering... en als een permanent college het gezag van Christus over de gemeente handhaaft." (Kursivering van my).

kerkrade en nie van ampsdraers soos die kerkraadsvergadering nie. Tog is die feit dat die kerkrade deur ampsdraers verteenwoordig word, van wesenlike betekenis vir die gesag van die meerdere vergaderings. Neem ons weer Handelinge 15 as voorbeeld, tree die betekenis van die amp vir die meerdere vergaderings duidelik na vore. Die afgevaardigde ampsdraers van die kerkraad van Antiochië vergader saam met die kerkraad van Jerusalem om tot 'n beslissing oor 'n saak te kom. Die probleem word gestel en die ampsdraers beraadslaag en kom tot 'n beslissing. Hulle is nie gebind aan 'n opdrag van die kerkrade oor wat om te besluit nie, maar het alleen die opdrag om deur beraadslaging vas te stel wat die wil van Christus in die besondere geval is. En hulle kan alleen tot 'n beslissing kom kragtens hulle mandaat as ampsdraers en die belofte van Christus dat Hy hulle deur sy Gees in alle waarheid sal lei. As hulle dan besluit, is dit finaal, „want die Heilige Gees en ons het besluit....
......."[165] In die beslissing kan die ampsdraers as afgevaardigdes van die kerkrade op meerdere vergaderings dus nie vooraf deur hulle senders gebind wees behalwe daarin dat hulle soos hulle altyd gebonde is kragtens hulle amp - gebonde aan die Woord van God sal besluit nie. Die ampsdraers word gestuur deur die kerkrade om as ampsdraers van meer kerkrade oor bepaalde sake, wat vanself al die kerkrade raak, óf wat ter tafel gebring word vanweë onmag, wanbestuur of hoër beroep, te beslis ooreenkomstig Gods Woord onder leiding van die Heilige Gees op die vergadering.

---

165). Hand. 15:28 (a).

„De kerkelijke vergaderingen dienen immers juist om elkander van hulp en voorlichting te dienen, en zoo tot eene beslissing te komen....... Daarom kan eene beslissing over eenig punt van het agendum op eene kerkeraadsvergadering nooit anders dan voorlopig zijn. En juist om die reden kan ook een kerkeraadsbesluit over enig punt van het agendum voor een classicale vergadering nooit bindend zijn voor den afgevaardigde.... En het is daarom ook dat de afgevaardigden niet kerksgewijze kunnen stemmen. Zij stemmen in gebondenheid aan de H. Schrift en de belijdenis als vrije mannen die naar hun overtuiging handelen."[166] Die afgevaardigdes word nie gestuur met 'n „imperatief mandaat" nie, <u>maar met volmag as ampsdraers, geroep en bekwaam</u> deur die Koning van die kerk, om namens die kerkrade wat hulle stuur na beraadslaginge te beslis.

Die mag van meerdere vergaderings om bindende besluite te neem, is dus nie 'n gedelegeerde mag nie. Die mag kom die meerdere vergaderings, net soos die kerkrade, toe omdat dit ook vergaderings van ampsdraers is wat hulle gesag direk van Christus het. Al verskil ons van M. Bouwman se opvatting dat die meerdere vergaderings vergaderings van ampsdraers as sodanig is, gee ons hom dit tog toe dat, waar die kerkrade deur ampsdraers verteenwoordig word, hulle tog ook kragtens hulle amp optree in die vergadering.[167]

---

166). H. Bouwman: a.w. II. p.140.

167). Vgl. M. Bouwman: a.w. p.95.

Kragtens die amptelike karakter van die meerdere vergaderings konkludeer ons dan dat, hoewel daar verskil tussen die kerkraad en die meerdere vergaderings is, daar tog geen wesenlike of prinsipiële verskil tussen die gesag van beide is nie. Beide het as instellinge van Christus deel aan die kerkregering deur die gesag wat Christus aan sy ampsdraers gee. „De macht der meerdere vergaderingen is dus wel dezelfde in aard en wezen als die van de mindere vergadering....... De kerkelijke vergaderingen zijn niet wezenlijk van elkander verschillend, „de natuur en de soort en de macht der kerkelijke vergaderingen is een en dezelfde."[168)]

H. Bouwman verbind hierdie selfde aard en wese van die gesag van die meerdere vergaderings en die kerkraad ook aan die amp in sy betoog ten gunste van die bindende krag van die besluite van meerdere vergaderings.[169)] Ook De S. Lohman en Rutgers bring dieselfde beginsel na vore deur te beklemtoon dat Christus sy mag in die kerk bedien deur opsieners, „wiens regeering de opzieners der gemeente in gehoorzaamheid aan zijn Woord te bedienen hebben, hetzij op zichselven, of in kerkeraad vereenigd, of met anderen kerkeraden samen."[170)]

Omdat Rutgers, H. Bouwman en ander op hulle voetspoor die amp dikwels uit die oog verloor as kenmerk in die samestelling van meerdere vergaderings, gebeur dit dat hulle ook 'n standpunt direk in stryd met

---

168). H. Bouwman: a.w. II. p.27. Vgl. M. Bouwman: a.w. p.p. 159/160.

169). Vgl. H. Bouwman: a.w. II. p.53.

170). De S. Lohman en Rutgers: a.w. 2de uitgawe. p.160. Voortsetting van voetnoot 2 op p.159. (Kursivering van my).

dié hierbo inneem. Daarom kan H. Bouwman stellig verklaar: „Het gezag der synoden berust niet alleen op kerkelijke recht, maar ook op een goddelik instelling. _Wie zich dan tegen de macht, die Christus haar gegeven heeft, verzet tast de ordinantie van Christus aan_."[171] En net so stellig: „Er is dus een principieël verschil tusschen de macht van den kerkeraad en die van de meerdere vergaderingen,"[172] in oorsprong, wese, duur en doel. Die kerkraad ontvang die oorspronklike mag van Christus _en dra dié mag_ oor op die meerdere vergaderings wat dus hulle mag aan die kerkraad ontleen.[173] „De kerkeraad heeft een eigen macht, de meerdere vergadering afgeleide macht."[174] Daaruit volg dat die mag van meerdere vergaderings slegs 'n beperkte, afgeleide, geringer en laere mag is teenoor die van die kerkraad.[175] Die hele kerklike mag word nie aan die meerdere vergaderings oorgedra nie en insoverre dit wel oorgedra is, berus die mag van die meerdere vergaderings op die feit dat die kerke met mekaar 'n kerkverband aangegaan het en daarby onderneem het dat hulle die besluite sal uitvoer. Die mag kom dus nie regstreeks van Christus nie, maar die kerke het „haar macht gelegd in handen van de meerdere vergadering, en daarom heeft ook elke

---

171). H. Bouwman: a.w. II. p.49. (Kursivering van my).

172). ibid. p.22.

173). Vgl. H. Bouwman: a.w. II. p.p. 19 en 21; J. de Jong: a.w. p.212; J.A. du Plessis: a.w. p.p. 93 en 95; F.L. Bos: a.w. p.143.

174). H. Bouwman: a.w. II. p.18; vgl. p.17; vgl. Joh. Jansen: Het Tuchtrecht der meerdere vergaderingen. 1928; p.11.

175). Vgl. H. Bouwman: a.w. II. p.p. 22; 47. Vgl. ook J. van Lonkhuyzen: Gereformeerd Theologisch Tydschrift, Jaargang 38, p.514 en Jaargang 40, p.p. 468/9.

meerdere vergadering het recht van de kerken te vragen dat de genomen besluiten aanvaard en uitgevoerd zullen worden."[176] Meerdere vergaderings kan dan op grond van hierdie oordrag van mag deur die kerkrade, wel bindende besluite neem, waaraan alle kerkrade hulle moet onderwerp solank hulle in die kerkverband bly en sulke besluite nie met die Woord van God stry nie.[177] Volgens hierdie opvatting het meerdere vergaderings geen oorspronklike gesag nie, maar alleen gesag wat die kerkrade vrywillig daaraan gedelegeer het.

Hoewel beide Bouwman en Rutgers elders ook die oorspronklike gesag van die meerdere vergaderings erken, soos reeds vroeër aangetoon, spreek hulle tog weer op so 'n wyse dat uit hulle beskouinge ook afgelei kan word dat die gesag minderwaardig is teenoor dié van die kerkraad. Só dat dit dan finaliter van elke kerkraad afhang watter gesag hy aan die meerdere vergaderings oordra, en of hy nog vir homself die reg voorbehou om na eie oortuiging die besluite van die vergaderings uit te voer of nie. Elke besluit sal eers deur die kerkraad getoets moet word. So 'n standpunt is sterk independentisties gekleurd en werk mee tot die miskenning van die meerdere vergaderings as regeerliggame deur Christus verorden en met gesag beklee.

Handelinge 15 dien egter ook om aan te dui dat Christus die meerdere vergaderings met gesag beklee het. Die ampsdraers, afgevaardig en met volmag

---

176). H. Bouwman: a.w. II. p.63; vgl. J.A. du Plessis: a.w. p.p. 95 en 102; J. de Jong: a.w. p.157.

177). Vgl. J. de Jong: a.w. p.157; H. Bouwman: a.w. II. p.p. 20 en 55; M. Bouwman: a.w. p.p. 172/3.

toegerus deur die kerkrade, beslis kragtens hulle amp en bind die kerkrade aan hulle besluite en nie omdat daar mag aan hulle oorgedra is nie. Die meerdere vergaderings het 'n selfstandige, outoritiewe mag. Dit het jurisdiksie oor die plaaslike kerkrade: „Deze geestelijke juridictie van classen en synoden wordt uitgeoefend „ex jure Dei", volgens Goddelijk recht. De genoemde vergaderingen bezitten een geheel eigensoortige gezag, dat aan de plaatselijke kerken, afzonderlijk en opzichzelf genomen, niet toekomt."[178)]

Dit beteken egter nie dat die meerdere vergaderings as hoër gesag die kerkrade van hulle mag en vryheid beroof nie. Dit kan nie, omdat aan elkeen sy eie terrein van gesag oefening in die kerkregering duidelik toegewys is. En die gesagoefening van die meerdere vergaderings moet juis daartoe dien dat die mag en vryheid van die kerkrade tot volle ontplooiing kom. Die mag van die meerdere vergaderings is kumelatief en nie privitatief nie. Dit sluit nie die mag van die kerkraad uit nie, maar neem 'n plek in naas die van die kerkraad. „Cumelatief beteekent „daarnaast bestaande", en kent een bevoegdheid die by de eene instantie berust, ook toe aan een andere, zonder dat daardoor de bevoegdheid der eerste instantie ontkend wordt."[179)] Sowel die kerkraad as meerdere vergaderings het 'n gesagvolle deel aan die kerkregering, sonder dat die een die ander verdring.

---

178). D. Nauta: a.w. p.25; vgl. Joh. Jansen: De Tuchtrecht der meerdere Vergaderingen. p.18 en p.p. 22/3. Vgl. L. Oranje Czn: a.w. p.21: „Het gezag komt rechtstreeks van God..... De gezagsdragers komen op uit de kerken."

179). M. Bouwman: a.w. p.179.

Indien die mag van die meerdere vergaderings as afgeleid en beperk gekwalifiseer word omdat dit saamgestel is uit afgevaardigdes en omdat die bevoegdheid daarvan beperk is tot bepaalde sake, sowel as deur die eis dat alle besluite wat geneem word, nie teen die Woord van God stry nie, kan teen die kwalifikasie geen beswaar wees nie, mits dit nie 'n vergelyking met die kerkraad inhou wat dan oorspronlike en onbeperkte mag sou besit nie. Dat die afvaardiging voorwaarde vir die samestelling van die meerdere vergaderings is, verander nog niks aan die feit dat dit instellings van Christus is nie en ook nie aan die feit dat ampsdraers wat afgevaardig is, hulle gesag direk van Christus het nie. Aan die oorsprong van die mag van die meerdere vergaderings, as deur Christus gegee, doen die afvaardiging niks af nie. In die sin dat die mag van Christus is, is dit dan wel 'n afgeleide en beperkte mag. Maar dit geld ook vir die kerkraad. Indien egter geredeneer word dat die mag afgelei en beperk is omdat die oorsprong van die mag by die kerkraad is, waar die kerkraad voorwaarde vir die samestelling van die meerdere vergaderings is, kan ook geredeneer word dat die mag van die kerkraad afgelei en beperk is omdat die gemeente die kerkraad kies. En dit is tog nie die geval nie. Christus roep en stel sy ampsdraers aan deur die gemeente, maar die oorsprong van die mag van die ampsdraers is nie daarom in die gemeente te soek asof hulle enige mag aan die ampsdraers oordra nie. Die mag van die ampsdraers het hulle direk van Christus.

So is dit uit die aard van die meerdere vergaderings as 'n deur Christus verordende helpende mag,

noodwendig dat die kerkraad <u>in orde van bestaan</u> primêr en die meerdere vergaderings sekondêr is, maar dit gee nog nie 'n magsprioriteit aan die kerkraad in die sin dat dit 'n oorspronklike en hoër mag besit teenoor afgeleide en laer mag van die meerdere vergaderings nie. Dit is nie die kerkrade wat mag oordra nie, maar Christus wat aan die meerdere vergaderings, wat saamgestel is uit afgevaardigde ampsdraers uit die kekraad, mag gee.

Voorts is dit waar dat meerdere vergaderings nie die kerkregering uit die hande van die kerkraad kan neem of die kerkraad mag oorheers nie; die mag van die meerdere vergaderings is beperk tot 'n eie terrein en dit moet altyd uitgeoefen word in ooreenstemming met die Woord van God. Die kerkraad is egter ook in sy gesagsoefening op presies dieselfde wyse beperk. Dit kan alleen met gesag optree in plaaslike sake. In sake wat al die kerke raak, mag dit egter nie sonder die meerdere vergaderings die kerkregering uitoefen nie. Ook is die besluite van die kerkraad altyd onderworpe aan die voorwaarde dat dit nie in stryd met die Woord van God is nie. Daarom kan uit die beperktheid van die meerdere vergaderings se mag nie gekonkludeer word dat die meerdere vergaderings wesenlik 'n geringer en beperkter mag as die kerkraad het nie. Die kerkraad is immers net so aan beperkinge onderhewig in sy gesagsoefening. Voetius werk nie 'n vergelyking tussen die meerdere vergaderings en die kerkraad op 'n breedvoerige wyse uit nie; wat hy wel sê oor die verhouding tussen die kerkraad en die meerdere vergaderings, laat M. Bouwman egter konkludeer: „Volgens Voetius toch is én de macht van de meerdere vergadering én die van den

kerkeraad beperkt."[180)]

Die meerdere vergaderings is verorden en met gesag beklee om die kerkrade as 'n helpende mag te dien. Daarom is die mag van die meerdere vergaderings in sake wat die kerke in die algemeen raak en ingeval van onmag, wanbestuur of hoër beroep, groter as dié van die kerkrade. Net soos die mag van die kerkraad groter is as die van die enkele ampsdraers, so is die mag van die meerdere vergaderings ten opsigte van sake wat daarby tuishoort, groter as die van die kerkraad.

Voetius ken onder bepaalde omstandighede aan die meerdere vergaderings mag toe om in die sake van die plaaslike kerk in te gryp, naamlik in die geval van onmag; van wanbestuur en van hoër beroep.[181)]

In die geval van onmag versoek die kerkraad die meerdere vergadering om in te gryp, omdat hyself nie by magte is om te doen wat aan hom opgedra is nie. Die inisiatief gaan dan nie van die meerdere vergadering uit nie. „Als regel brengt het geval van onmacht mee dat de kerk zelf of althans het betere deel ervan uit zichself de hulp begeert der classen of synode. Dat wil dus seggen dat deze in dit geval de eigen zaken eener particuliere kerk met haar toestemming afhandeldt. De kerkeraad wil wel op goede wijze de kerk regeeren, maar hij is er niet toe in staat, en dus wendt men zich tot de synode."[182)]

---

180). M. Bouwman: a.w. p.p. 248/9.

181). Vgl. Voetius: a.w. Pars. III. Lib. I., Tract. III; Cp. II. 2 IV. p.250. Ed. Rutgers.

182). M. Bouwman: a.w. p.p. 204/5.

Wanbestuur veronderstel sonde by die kerkraad.[183] Daar bestaan onwil by die kerkraad om die kerkregering op die juiste wyse uit te oefen. Dit kom op verskillende maniere aan die lig. Ampsdraers kan onder ander op onwettige wyse verkies word, die kerkregering kan verwaarloos word, daar kan onwilligheid wees om die kerklike tug uit te oefen, soos dit die geval was in Korinthiese gemeente blykens 1 Kor. 5.

In die geval van wanbestuur by 'n mindere vergadering is dit die roeping van die meerdere vergadering om kragtens sy opdrag van Christus in die sake van die mindere vergadering in te gryp, al is dit 'n kerkraad. „In casu illegitimae inordinatae administrationis; ubi veniente morbo ab omnibus confoederatis & Correspondentibus Ecclesiis occurendum est."[184] H. Bouwman neem die morbus waarvan Voetius hier spreek, letterlik as 'n heersende siekte wat die uitoefening van die kerkregering deur die kerkraad (waar die meeste lede deur die siekte aangetas is) onmoontlik maak.[185] Hierdie interpretasie is volgens M. Bouwman egter foutief. „De morbus waarop Voetius hier doelt is zeer beslist een geestelijke krankheid b.v. Ketterij, scheuring, corruptie, e.d. De eenige juiste vertaling van deze plaats is aldus: „in geval van een bediening die onwettig is en in strijdt met de kerkenordening, als wanneer door al de verbonden en in kerkverband vereenigde kerken tegen de opdringende kwaal moet worden opgetreden."[186]

---

183). Ibid. p.206.

184). Voetius: a.w. p.250. Ed. Rutgers.

185). Vgl. H. Bouwman: a.w. II. p.37.

186). M. Bouwman: a.w. p.207.

Optrede teen 'n kerkraad deur die meerdere vergaderings in geval van wanbestuur hou nie net vermaning en berisping of bestraffing teen die skuldige kerkraad in nie, maar ook skorsing en afsetting van so 'n kerkraad of kerkraadslede by verharding in die sonde.[187)]

Die tug en ekskommunikasiereg van meerdere vergaderings berus op Handelinge 15, waaruit dit vanself spreek dat as 'n meerdere vergadering bindende besluite kan neem, dit ook die bevoegdheid het om toe te sien dat die besluite uitgevoer word. Ook lewer 1 Kor. 5:3-5 en vers 13 die bewys vir die bevoegdheid van die meerdere vergaderings om met die tug en ekskommunikasie op te tree. „Evenals Paulus besloten had (1 Cor. 5:3-5, 13) den hoereerder in den naam van Jezus Christus den satan over te geven, en aan de gemeente van Corinthe opdroeg den booze uit haar midden weg te doen, zoo ook kunnen de kerken, in synode vergaderd, tot de excomunicatie besluiten en óf zelve tot de uitvoering overgaan wanneer het te voorzien is, dat door verkeerde houding en ongereformeerde of revolutionaire woelingen het besluit niet naar behooren zou worden uitgevoer, óf ook in een gunstiger geval de uitvoering aan een mindere vergadering overlaten."[188)]

De S. Lohman en Rutgers en op hulle voetspoor o.a. drr. van Lonkhuyzen, Greydanus en K. Schilder, ken alleen aan meerdere vergaderings tugreg toe insoverre

---

187). Ibid. p.p. 303-307 en 317. Vgl. ook H. Bouwman. a.w. II. p.81; D. Nauta: a.w. p.p. 26 en 87; H.H. Kuyper: De Heraut, Jaargang 1926, nos. 2515, 2520/1. Ook in „Napleiten" en „Repliek van dr.v.Lonkhuy - De Heraut, Jaargang 1932.

188). H. Bouwman: a.w. II. p.p. 19/20.

dit kan besluit tot afsetting, maar dat alleen die kerkraad die reg het om die vonnis uit te voer.[189] En indien die kerkraad weier om dit te doen, is al wat oorbly om die kerk uit die kerkverband te stoot. „Wel mag de classis of synode kerkeraadsleden ontzetten van hun ambt zoolang de Kerk in het verband staat; maar als de Kerk dat vonnis niet erkent, verblijft aan de gezamentlijke Kerken geen ander verweermiddel dan om deze Kerk van het verband af te snijden."[190] Hierdie voorstelling, sê H. Bouwman, is „eenigzins independentistisch gekleurd, en de outoriteit der meerdere vergaderingen niet genoegsaam tot haar recht liet komen."[191] Ook Jansen distansieer hom van die opvatting van Rutgers op dieselfde gronde as H. Bouwman.[192]

---

189). Vgl. De S. Lohman en Rutgers: a.w., tweede uitgawe. p.165. e.v.; H. Bouwman: a.w. II. p.p. 67 e.v.; S. Greydanus: Schriftbeginzelen van Kerkrecht inzake meerdere vergaderingen. o.a. p.14; Joh. Jansen: De Beginselen van ons Gereformeerd Kerkrecht in de zaak Geelkerken. Christelijke Brochure-reeks „Ons Arsenaal." Serie 5. J.B. van der Brink en Co. Zutphen. p.p. 7, 12,13, 43: Gereformeerd Theologisch Tijdschrift, 40ste Jaargang p.470. Vgl ook die verklaring van di. Bos en van Dijk na skorsingsbesluit in die saak prof. Schilder geneem is; Acta van de Generale Synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland 1943-45. p.114. (b) dat der generale synode krachtens de K.O. het recht tot schorsing van een dienaar des Woords niet toekomt."
Vgl. verder C. Veenhof: Om de „Unica Catholica". Goes- 1949. p.p.230-232.

190). De S. Lohman en Rutgers: a.w. 2e uitgawe. p.179. Vgl. egter dr. van Lonkhuyzen: Gereformeerd Theologisch Tijdschrift, 40ste Jaargang, p.470: Meerdere vergaderings maak 'n „praeformatie"van 'n vonnis of beslissing. 'n Kerkraad alleen kan dit egter uitvoer. Die Sinode het alleen deel aan die tug „in het leiden, bestieren der handeling in het praeformeren. En in het beslissen zooals zij als meerdere vergadering oordeelt. En de kerkeraad draagt van dit zijn recht niet het minste over. Hij doet het. Hy censureert."

191). H. Bouwman: a.w. II. p.80.

192). Vgl. Joh. Jansen: Het Tuchtrecht der meerdere vergaderingen. p.25.

Hy verklaar dat die opvatting, dat die plaaslike kerk outonoom is in die sin dat aan die meerdere vergaderings geen tugreg toekom nie, in stryd is met die doleansie-standpunt.[193]

Gaan ons egter van die veronderstelling uit dat die opvatting juis is dat 'n meerdere vergadering slegs kan oordeel dat afsetting van 'n ampsdraer of selfs van die hele kerkraad, noodsaaklik is, maar dat dit nie self die vonnis kan uitvoer nie, en in die uiterste geval net tot die opsegging van die kerkverband met so 'n kerk kan kom, beteken dit nog nie dat daar geen ekskommunikasie was nie. Om die gemeenskap met 'n kerk op te sê, is tog niks anders as om te verklaar dat die kerk, ooreenkomstig Matt. 18, „'n heiden en tollenaar" is nie. Dit is in wese niks anders as om so 'n kerk af te sny van die liggaam van Christus nie. Die gemeenskap daarmee word nie meer onderhou nie, omdat dit nie meer beskou word as 'n openbaring van die liggaam van Christus nie. Dit is 'n veel drastiser tug wat uitgeoefen word as om net die skuldige ampsdraers of kerkraad af te sit.[194] In die geval van uitsetting uit die kerkverband word ook onskuldiges geëkskommuniseer.

Behalwe in die gevalle van onmag en wanbestuur kan die meerdere vergadering nog handel in die sake van 'n kerkraad as daar by die meerdere vergaderings in hoër beroep gegaan word teen besluite van die kerkraad. Die kerkregering is deur Christus aan die

---

193). bid. p.41. Vgl. ook H.H. Kuyper: De Heraut, Jaargang 1926, nos. 2515, 2520 en 2521. Ook sy Polemiek met dr. van Lonkhuyzen. Jaargang 1932.

194). Vgl. H. Bouwman: a.w. II. p.81.

kerkraad opgedra tot opbouing en bewaring van die kerk as sy liggaam. Wanneer iemand 'n lidmaat of lidmate; 'n kerkraadslid of 'n minderheidsgroep van kerkraadslede egter oortuig daarvan is dat die meerderheid van die kerkraad ontrou is aan die opdrag van Christus en hulle 'n gesag aanmatig bo dié wat Christus aan hulle gegee het, het hulle die reg en die plig om hulle op 'n meerdere vergadering te beroep. Hoër beroep veronderstel dan wanbestuur by die kerkraad en die meerdere vergaderings is geroepe om daaroor te oordeel en om as wanbestuur, al is dit ook onopsetlik, gevind word, die regte bestuur te herstel op 'n wyse wat deur die omstandighede vereis word.[195)]

Samevattend kan dan gekonkludeer word dat Christus die voorbeeld vir die instelling van meerdere vergaderings onder leiding van die Heilige Gees, deur die apostels laat stel het, om die kerkrade by te staan in die regering van die kerk en om kragtens die eenheid van die kerk toe te sien dat elke openbaring van die liggaam van Christus geregeer word ooreenkomstig Sy wil. Die mag van die meerdere vergaderings is groter as dié van die kerkrade betreffende die sake wat aan hulle opgedra is en in dié sake is die kerkrade aan die meerdere vergaderings ondergeskik. Dit bring egter nie hiërargie mee nie. „Zulk een subordinatie is niet het invoeren van een hiërarchie in de kerk, maar een zich onderwerpen aan het juk van Christus, en het zoeken van de handhaving van Christus' koningschap."[196)]

---

195). Vgl. H. Bouwman: a.w. p.p. 208/9. Regskrenking is hier onder wanbestuur begrepe - 'n Kerkraad is geroepe om reg te laat geskied. Krenk hy die reg is dit wanbestuur. Die regte bestuur sluit regskrenking uit.

196). H. Bouwman: a.w. II. p.66.

236/........